# waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE JAARGANG 6, NO 11-12, NOVEMBER-DESEMBER 2000

**REDAKSIONEEL**

# Hou die oorlewering vas

Oujaarsaand. Ons maak die balans op. Wat het ons, kinders van God, in die jaar 2000 gedoen? Waar het ons gefaal? Ons gedagtes gaan ook vorentoe. Wat is ons prioriteite in die jaar 2001? En wat van die groot toekoms? Wanneer verskyn ons Here Christus met die wolke? Hoe lank nog?

Telkens weer het mense 'n datum van die wederkoms genoem. Die 'voorspelde' datum het gekom ... en verbygegaan. Die wolke het nie geskeur nie.

Die eerste 'voorspelling' van die jongste dag vind ons in 'n vroeë christelike kerk. Lidmate dink en verkondig: 'Die dag van Christus is al daar'. Die gevolge van hulle misvatting? Gespanne staar hulle na bo. Die daaglikse werk word nagelaat. Toe die wolke nie vinnig skeur nie, kyk hulle nie meer hemel toe nie. Die ledigheid bring hulle tot verdere sondes: Broeders en susters in Tessalonika tree onordelik op. Hulle word boonop bemoeisiek. So staan dit geskryf in hoofstukke twee en drie van die tweede brief aan die Tessalonisense.

Die Here roep ons in hoofstuk twee van hierdie brief op om nie ons verstand te verloor nie, ons nie deur hierdie dwaling te laat mislei nie (verse 2 en 3; syfers hierna verwys na verse in 2 Tessalonisense 2). Hy openbaar twee 'tekens van die tye' om sy volk teenoor die 'toekoms-voorspellers' weerbaar te maak. En Hy sluit die openbaring met 'n kernagtige opdrag af.

## Heimlike wetteloosheid

'Die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk' (7). Dit is die eerste teken van die tyd wat die Here hier openbaar. Die kerk word nie alleen in Paulus se dae nie, maar voortdurend met ongeregtigheid, met wetteloosheid gekonfronteer. Mense oortree die wette van God. Hulle pleeg misdade in die verborge, heimlik, want wetteloosheid word deur landswette verbied en deur owerhede bestraf.

Ons lewe te midde van 'die verborgenheid van die ongeregtigheid'. Die pers maak byna elke dag melding van diefstal, gewapende roof, korrupsie tot in regeringskringe, moorde en ander wandade. Baie misdade word in ons land gelukkig nog strafwaardig geag, selfs deur owerhede wat van God en sy gebod nie wil weet nie.

Wette wat misdaad verbied, ontvang ons dankbaar uit die hand van ons hemelse Vader. Die koning (ook die ongelowige owerheid) is in sy hand 'soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil' (Spreuke 21:1). Hy is dit wat deur sulke wette die mag van die sonde stuit, sodat die kwaad nie in sy volle krag kan uitbreek nie. Die gemeente in Tessalonika 'weet wat' die volle uitbarsting van die sonde 'teëhou' (6), 'totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is' (7). Die vraag wie die teëhouer is, kry in hierdie verband geen aandag nie. Een ding is duidelik: Die Here beteuel - hoe ook al - die mag van die kwaad deur die loop van die eeue. So skep Hy ruimte vir sy kerk om in 'n afvallige wêreld Hom te dien en sy Woord na alle volke toe uit te dra.

## Gewettigde wetteloosheid

Eendag word 'hy wat nou teëhou, uit die weg geruim' (7). Hiermee vang die kort periode aan wat die Here as tweede teken van die tyd in 2 Tessalonisense 2 openbaar. Voor die wederkoms

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

**INHOUD**


1 **Redaksioneel**
*Hoe die oorlewering vas*

3 **Skrifoordenking**
*Voldoen Christus aan u verwagting?*
Ds DJ de Kock

4 **Op die Kerkerf**
*Hemelburgers word in alles paraat*
Dr JG Meijer

7 **Kersoordenking**
*Die engelelied*
Prof. GJC Jordaan

9 **By die jaarwisseling**
*Die koning se hart in die Here se hand*
Dr J Visser

10 **Aktueel**
*Fundamentalisme en anti-fundamentalisme, die Gereformeerde teologie in die spervuur*
Prof. GJC Jordaan

14 **Mediese etiek**
*Is God in beheer? - die tweede gebod in mediese praktyk*
Dr JM Boon

16 **Uit die verlede**
*Graf of oond?*
Prof. JD du Toit (Totius)

17 **Kommentaar van lesers**
*Isebel-profesie en Landman-uitsprake*

18 **Persskou**
• *Die stem van Potchefstroom*
Ds GJ Meijer

20 **Gebed van Calvyn**


*Die redaksie en administrasie wens al die lesers in al hulle omstandighede 'n geseënde nuwe jaar toe.*

*'Laat u werk vir u knegte sigbaar word en u heerlikheid oor hulle kinders. En laat die lieflikheid van die HERE onse God oor ons wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja, die werk van ons hande, bevestig dit!'*
*(Psalm 90:16-17)*

van ons Here verskyn die antichris. Wie is hy? 'Die mens van sonde', 'die seun van die verderf' (3), 'die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is' (4), 'die ongeregtige', wettelose mens of mag (8).

Wat doen hy? Hy sit in die tempel van God as God en gee voor dat hy God is (4). Hoe kan hy dié sentrale plek in die kerk inneem? Deur 'die afval' in die kerk (3). Godself straf die afvalliges. Hy 'stuur hulle die krag van die dwaling om die leuen te glo' (11). Die afvallige kerk verdra wetteloosheid en laat die antichris toe om die ongeregtigheid te propageer en te wettig.

Naderhand heers die wettelose(s) wat deur afvallige lidmate verwelkom is, in en vanuit 'die 'tempel' oor die hele lewe. Die antichris 'se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid (wetteloosheid) in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie' (9-10).

Die wettelose mens of mag verwerp en vertrap God se wette. Hy vaardig nuwe wette uit. Wetteloosheid word gelegaliseer. Die westerse wêreld, ook Suid-Afrika, gaan reeds onder sulke wette gebuk. Slegs twee voorbeelde is voldoende om dit aan te toon.

- Die Here sê: Jy mag nie doodslaan nie. Antichristelike wette staan aborsie (moord op die ongebore kind) op aanvraag toe, asook eutanasie (moord op die bejaarde of selfmoord).
- Die Here stel die huwelik in en sê: Jy mag nie egbreek nie. Antichristelike wette laat alternatiewe van die huwelik toe soos saamwoon en homoseksuele 'verbintenisse'. Huwelike kan volgens moderne wetgewing soos kontrakte, selfs nog makliker, verbreek word.

Die eerste teken van die tyd, die verborgenheid van die wetteloosheid, is al aan die werk. Die westerse wêreld begin ook al die tweede teken van die tyd vertoon: Wetteloosheid (afwyking van God se wet) word gewettig. Die Here openbaar hierdie twee tekens van die tye nie om ons moedeloos te maak nie, maar inteendeel om ons met die oog op die wederkoms nugter en waaksaam te laat lewe.

## Staan vas

Die Here plaas sy volk in die frontlinie. Hy toon ons die krag van die vyand: afval in die kerk en die greep na mag deur die mens van sonde, die wettelose. Hy maak sy strydende kerk weerbaar deur 'n kort en kragtige bevel. 'So dan, broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is' (15). 'Hou julle aan die voorskrifte.' In die grondteks staan letterlik: *Hou die oorleweringe vas.*

Oorlewering. Daaroor skryf die apostel Paulus ook in sy eerste brief aan die Korintiërs: 'ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het' (11:23). Oorlewering - hierdie woord is tekenend. God lewer sy Woord aan mense oor. Hy gee dit in die hand en hart van die apostel. Paulus dra aan die gemeente oor wat hy van die Here ontvang het. So kom die hele Skrif tot stand. Die Here gee sy Woord aan die bybelskrywers. Hy sorg dat hulle dit sorgvuldig neerskrywe. Wat hulle ontvang het, lewer hulle aan God se volk oor, van Genesis 1 tot Openbaring 22.

Die Here beveel vervolgens: Hou die Woord wat Ek aan die Bybelskrywers en hulle aan julle oorgelewer het, vas. Ontvang my Woord as verlossende evangelie en as die rigsnoer vir julle doen en late. Lewe uit die Skrif!

Maar, sê iemand, ons lewe tog in ander tye en omstandighede as die eerste lesers van die Skrifte? Dit is waar. God se Woord is egter nie tot 'n tyd beperk nie. Hy gee sy Woord vir sy volk in alle lande en tye met dieselfde opdrag wat die eerste lesers ontvang het: Hou die oorleweringe vas! Wat daar ook verander in die tye, kulture en omstandighede - die Woord bly altyd aktueel. Alleen die Skrif leer ons om die Here reg te dien. Alleen die Woord bewapen ons teen afval.

Wat hou die opdrag om die oorleweringe vas te hou, vandag konkreet in en hoe word hierdie bevel post-modernisties weerstaan? Hier volg enkele voorbeelde om dit te verduidelik.

- Ons ontvang in Genesis 1-11 *geskiedenis*, deur die Here geskryf. Hy is die Outeur van die Skrif. 'n Hele aantal teoloë verander die Here se geskiedskrywing prinsipieel. Hulle beskou die geopenbaarde feite as *mites*, sprokies.
- Die Saligmaker is *uit die maagd Maria gebore*. Hy het deur sy lyde en sterwe vir alle gelowiges vergewing van sondes en die ewige lewe verwerf. Hy het waarlik *uit die dood opgestaan* en *na die hemel opgevaar* om die geregtigheid en heiligheid wat Hy verwerf het, daadwerklik aan die gelowiges te skenk. Teoloë wat Christus se geboorte uit die maagd Maria, sy opstanding en hemelvaart loën, ontvang wel teenspraak in kerke wat hulle gereformeerd noem. Die verloëning van die oorleweringe word intussen toegelaat. Leertug tot behoud van dwaalleraars en van die gemeente is kennelik in dié gemeenskappe taboe.
- Die Here wil deur die *prediking* van die evangelie die geloof in ons harte werk en versterk. Die prediking word al hoe meer veronagsaam in gemeentes wat dit vervang met sangdienste, godsdienstige gesprekke of toneelspel oor Bybelgedeeltes.
- Die Woord sê: Drink die *beker* by die *nagmaal*. Daar is gemeentes wat die gemeenskaplike beker(s) inruil vir individuele kelkie-gebruik sonder om dit uit die Woord te regverdig.
- God beveel om die *doodstraf* toe te pas. Dié straf is in baie lande afgeskaf, ook in Suid-Afrika.

Hou die owerleweringe vas. Verdra nie enige verloëning daarvan in die kerk nie. Staan vas, saam op die een fondament van die Woord, uit

Mondstuk van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 70 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

liefde vir Hom wat in die Bybel ons toespreek. Bied uit liefde en eerbied vir die Here gelowig weerstand teen afwyking van die Skrif in die plaaslike kerk, in die kerkverband en in wette van die owerheid. Hierdie opdrag mag nie gesystap word nie, maar moet DV ook in die volgende jaargang van *Waarheid en dwaling* die nodige aandag ontvang.

## Dra oor

Bybelskrywers ontvang die Skrif uit die hand van die Here met die opdrag om sy Woord oor te lewer aan sy kerk. Elke generasie ontvang die Skrif, die oorleweringe, uit die hand van die Outeur (die Bybel-skrywers) via hulle voorgeslag met die opdrag om die ontvange rykdom aan hulle kinders oor te dra. Ons belowe by elke doop om ons kinders in die leer van die Skrif te onderrig en (in kerk en skool) te laat onderrig.

Oujaarsaand. Die vrae vermenigvuldig. Wat was ons prioriteite in die jaar 2000? Watter skatte uit die Woord het ons aan ons nageslag oorgedra? En wat het ons laat oordra, in kerk en skool? In hoeverre was ons gehoorsame instrumente van die Heilige Gees? Hy in wie se Naam ons kinders gedoop is, verseker tog deur hierdie heilige sakrament dat Hy in hulle wil woon? Hy wil hulle tog tot lidmate van Christus heilig deur tot hulle eiendom te maak wat hulle in Christus het, naamlik die afwassing van hulle sondes en die daaglikse vernuwing van hulle lewe, totdat hulle eindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word?

Ons het oorleweringe van die Here ontvang met die opdrag om dit vas te hou. Dit beteken:

- Lewe uit die Woord.
- Weerstaan gelowig alle afwyking van die Woord.
- Dra die skatte van die evangelie aan die volgende geslag oor. Verryk en bewapen die kinders.

Bid om krag van Bo om aan hierdie bevel te kan voldoen. Waar sy opdrag gelowig, in die krag van die Gees, uitgevoer word, vervul die Here ook in die komende jaar uit genade die belofte:

*sy trou en waarheid hou hul krag*
*tot in die laaste nageslag.*

---

SKRIFOORDENKING

# VOLDOEN CHRISTUS AAN U VERWAGTING?

**Ds DJ de Kock**, Pietersburg-Suid

**'En Johannes het sekere twee van sy dissipels na hom geroep en hulle na Jesus gestuur en gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? ... En Jesus antwoord en sê vir hulle: Gaan vertel aan Johannes wat julle sien en hoor: blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig. En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.'** (Lukas 7:19, 22-23)

In die weke wat voorlê gaan u met Kersversierings en Kersaanbiedinge oorval word.

Oral waar u gaan, sal u aan Kersfees herinner word. Dit wat die wêreld egter ten opsigte van Kersfees verstaan en wat hulle in Kersfees sien, verskil hemelsbreed van wat Kersfees vir ons as Christene beteken. Die samelewing soek oor die Kerstyd sogenaamde vrede en welwillendheid. Hierdie soeke is egter humanisties en selfgesentreerd.

Ons bede is daarenteen tog sekerlik dat hierdie Kersfees vir ons 'n ware Christusfees sal wees. Ons wil die evangelie met Kersfees hoor. Ons wil by Jesus Christus, ons Verlosser en Saligmaker, uitkom.

Dit is eintlik eenvoudig en maklik om die verwronge idee wat die wêreld van Kersfees het, raak te sien en selfs skerp te kritiseer, maar dan kom die vraag by 'n mens op:

Hoe sien ons Kersfees en wat verwag ons van Christus?

Sien ons ook die Kerstyd as 'n tyd vir welwillendheid en vrede? As jy 'n nuwe mens in Christus is, leef jy uit die aard van die saak met vrede in jou hart en openbaar jy daarom 'n gees van welwillendheid. Kersfees vervul jou dan opnuut met dankbaarheid vir God se genade in Christus.

As 'n mens dan na al die pyn, hartseer, ellende, haat en onreg rondom jou kyk, dan ontstaan daar opnuut 'n dringende behoefte na meer vrede en vreugde en welwillendheid in hierdie sonde gebroke wêreld. Maar waarom is daar nie vrede nie? Watter invloed het Christus se koms die afgelope twee duisend jaar gehad? Baie mense dink deesdae nie meer dat dit enigsins die moeite werd is om aan Christus vas te hou nie. Hulle sê die christendom het gefaal. Hulle het Jesus Christus as oplossing reeds afgeskryf.

Johannes die Doper het as profeet kragdadig opgetree. Hy het nie geskroom om te sê dat die Een wat na hom sou kom, veel groter as hy is en daarom ook wonderlike dinge sal doen nie. Volgens Matteus het Johannes die Doper die oordeel baie skerp gepreek. Hy het byvoorbeeld die Fariseërs en Sadduseërs addergeslag genoem en hulle gewaarsku om nie op hulle afkoms staat te maak nie. Hy het die oordeel van God in Christus op 'n onverskrokke wyse verkondig! Hy het dit gedoen in die verwagtinmg dat Jesus wat sou kom se oordeelsuitsprake nog groter en kragdadiger as sy uitsprake sou wees. Hy het verwag dat Jesus die onreg en skynheiligheid met wortel en tak sou kom uitroei!

En dan kom Christus. Hy begin sy werk op aarde. Hy preek en maak siekes gesond. Hoewel Johannes Christus aangewys het as die Een wat sou kom, gaan Jesus net op 'n te rustige manier na Johannes se sin voort. Wat Johannes betref, kom maak Jesus toe nie so 'n radikale verskil aan die samelewing as wat hy gemeen het nie. Inteendeel. In hierdie stadium gaan dit met Johannes persoonlik baie slegter as die tyd voor Jesus gekom het. Hy sit, van alle plekke, in die tronk! 'n Gevangene omdat hy Herodes oor sy sonde van egbreuk aangeval het. Kan u verstaan waarom Johannes boodskappers na Jesus gestuur

het? Kan u verstaan waarom Johannes vra: *'Is U die Een wat sou kom' ...?* Jesus het nie aan sy verwagtinge voldoen nie!

Johannes het gepreek en vertel hoe Jesus die oordeel op goddelose mense sou laat neerkom, maar dit gebeur nie. Moontlik het hy nie vir homself duidelik tussen Christus se werk met sy eerste en tweede koms onderskei nie. Eers met sy wederkoms sal Christus die Regter wees. Hy wou radikale verandering sien. Daarom het hy onverskrokke gepreek en God se oordeel onverbloem verkondig. Maar nou sit hy, die wegbereider van Jesus, in die gevangenis. Kan Jesus nie aan die saak iets doen nie?

Probeer net vir 'n oomblik om uself in Johannes die Doper se plek te stel. Sou u nie ook oor Jesus gewonder het nie?

Daarom stuur Johannes boodskappers na Jesus om te vra: *'Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag'?* Met ander woorde: 'Is u werklik die Christus?' 'Is U werklik die Verlosser?' Johannes het getwyfel.

Deur die eeue het baie Christene al gewonder, want Christus doen nie wat hulle van Hom verwag nie. Hy reël nie Johannes die Doper se vrylating uit die tronk nie en maak hom nog minder met 'n wonderwerk vry. Op die ou end word Johannes in die tronk vermoor! Waarom moet hy sterf terwyl die goddelose Herodes ongestoord kan voortgaan? Hoeveel trane is nie al gestort deur mense wat hulle geliefdes in die gebed aan die Here opgedra het maar dan tog uiteindelik teleurgestel is omdat die Here nie aan hulle ernstige pleitredes voldoen het nie? Hoeveel swaarkry het christengelowiges nie al te beurt geval nie? Waarom die armoede? Waarom die gebroke huise? Waar is Christus? Hoekom help Hy nie?

Het Kersfees werklik so 'n besondere boodskap?

## Jesus se antwoord

Hy sê aan Johannes se dissipels om terug te gaan en net weer aan Johannes te gaan sê presies wat hulle sien en hoor. Jesus was besig om mense wat blind en kreupel en melaats was, gesond te maak. Selfs dooies is opgewek! Verder word die evangelie ook aan armes verkondig. Jesus se reaksie op Johannes se vraag is eintlik 'n duidelike 'ja'. Deur Johannes se dissipels te wys op dit wat Hy doen en preek, wys Hy hulle op Jesaja se profesieë wat in vervulling gaan. Dit wat Jesus nou doen is juis in ooreenstemming met Jesaja se profesieë oor die Messias.

Jesus se antwoord is beslis nie 'n kitsoplossing vir Johannes se probleme nie. Jesus bevry hom nie uit die tronk nie. Hy laat Johannes in sy huidige toestand. Maar let op. *Ten diepste is Jesus se antwoord aan Johannes 'n nuwe oproep tot geloof - Ten spyte van sy situasie.*

Blindes sien, kreupeles loop, dooies word opgewek. Jesus Chruistus is aan die werk. Hy werk die sonde se invloed teë. Hy is die Verlosser! Sy werk is egter veel wyer as ons selfsugtige behoeftes. Jesus se werk is selfs wyer en groter as wat sy eie behoefte was. Daarom bid Hy in Getsemane dat die beker tog by Hom moet verbygaan, maar dit kon nie. Alleen deur sy lyding het daar redding gekom. Sy wonde moes genesing bring.

Kersfees gaan nie om die mens en die mens se behoeftes nie. Kersfees gaan nie eers oor die mens se vrede en welwillendheid nie. Kersfees gaan oor Jesus Christus wat na hierdie wêreld toe moes kom om die Satan te oorwin en God se ewige koninkryk te vestig sodat elkeen wat in en deur Hom deel van hierdie koninkryk word, die ewige vrede as kind van God kan ervaar.

Mag hierdie Kersfees ons opnuut onder die besef van die grootheid, heerlikheid, majesteit en liefde van ons Koning Jesus Chrstus bring. Hy het sy ewige koninkryk kom vestig en ons is deur God se genade deel daarvan.

---

**OP DIE KERKERF**

## TOERUSTING VIR DIENS IN DIE KONINKRYK (7)

# HEMELBURGERS WORD IN ALLES PARAAT

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Ons glo dat die 'ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die geloof hom weergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing aan die sonde bevry ... Dit is daarom onmoontlik dat hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan (Galasiërs 5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het'.[1] Die Here bring ons tot geloof en laat ons daaruit wandel. Oor die vraag hoe Hy dit doen en waartoe Hy ons beweeg, het ons in die artikelreeks oor toerusting besin. Dié reeks word met hierdie artikel afgesluit.**

God se kinders is die burgers van sy koninkryk. Die Here plaas hulle op die aarde in die vreemde, in die kolonie. Hemelburgers kry die opdrag om buite hulle vaderland in alles, ja, in alles na Christus, die Hoof, op te groei. Die Koning in die hemel roep sy onderdane op die aarde om te midde van 'n krom en verdraaide geslag die waarheid te betrag, sy Woord te doen.[2] Hulle moet in alles sy rykswet nakom. Wat hou die regte voorbereiding vir dié taak in? Wie moet ons toerus? En hoe?

## Die Woord - rigsnoer

Die toerusting vir ons taak in die kolonie begin met God se geskenk van die Woord aan die kerk. Hy bring ons deur sy Woord nie slegs tot geloof nie. Die Skrif wat Hy aan sy kerk

[1] NGB, art. 24.
[2] Ef 4:15.

toevertrou, is kanoniek. Kanoniek is afkomstig van die Semietiese woord 'kanon': riet. 'n Kersregop rietstengel is in die ou tyd vir meet-doeleindes gebruik. 'Kanon' beteken sodoende ook meetstok. Figuurlik word die betekenis van 'kanon' uitgebrei tot meetsnoer (maatstaf, norm, rigsnoer) wat die lewe rig en waarvolgens ons die lewe inrig.

Ons bely aangaande die Skrif: 'Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig'.[3] Ons geloof word daarna gerig: Die Skrif is ons rigsnoer. Ons geloof word daarop gegrondves: Die Skrif is ons fondament. Ons bevestig met die Woord ons geloof: Die Skrif versterk ons in die geloof.

Die oorspronklike teks van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê nie 'Ons aanvaar' nie, maar 'Ons ontvang' die Bybel as heilig en kanoniek.[4] *Ontvang* - ons sien die Skenker, onse God. Ons staan met oop hande en ontvang uit sy hand sy heilige Woord as rigsnoer vir, fondament en versterker van ons geloof. Ons ontvang met *dank* aan die Gewer. Die woord 'ontvang' beteken ook: Ons is *bereidwillig om die Woord*, die geskenk van die Here, *ywerig in die diens aan Hom te gebruik.*

*Ons* ontvang die Skrif as kanoniek om ons geloof daarna te rig. Ons, 21ste eeu se mense, ontvang die Woord net soos die lidmate van Christus se kerk in vroeër tye uit God se hand. Iemand vra: Is dit moontlik? Ons lewe tog in heel ander tye en kulturele omstandighede as die eerste hoorders en lesers van die Bybel? Dit is so. Die Here het sy Woord selfs oor baie eeue en in verskillende kulturele omgewings geopenbaar. Dit beteken egter nie dat die Bybel vandag outyds word nie. In die eeuelange geskiedenis van sy openbaring het die Here sy volk van alle tye vooruit gesien.[5] Sy telkens nuut gedateerde woorde ag Hy voldoende vir sy kinders in alle tye en lande om Hom in 'n verskeidenheid van kulture gehoorsaam te dien. Sy eeue-oue Woord bly altyd aktueel, tot die koms van ons Here met die wolke. Elke gelowige ontvang - saam met al die gelowiges in alle tye - die Skrif uit die hand van die Here. Elke gelowige dank die Here vir hierdie rigsnoer: die lamp vir my voet, die lig vir my pad.[6]

Wie die aktualiteit van die Skrif betwyfel, *ontvang* nie die Woord nie, maar *misken* die kragte wat die Here daardeur ontketen. Die Woord is vir alle gelowiges in alle tye die onverganklike 'saad van die wedergeboorte'. Die kanon, rigsnoer vir die lewe in die kolonie, 'bly tot in ewigheid'.[7] Wie die aktualiteit van die eeue-oue Skrif betwyfel, sit die wedergeboorte, die oorsprong van die ewige lewe, op die spel. So iemand sit ook die rigsnoer vir die lewe van hemelburgers op die spel. Twyfel aan die aktualiteit van Gods Woord versper die ingang tot en gevolglik die wandel in die Here se koninkryk. Skrifkritiek - in watter vorm ook al - is lewensgevaarlik, taakondermynend en God onterend.

## Prediking van die koninkryk

Die diens van hemelburgers in die kolonie kom uit hulle wedergeboorte voort. 'As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.'[8] Wedergeboorte is die onmisbare oorsprong van die ryksdiens. In onmiddellike aansluiting hierby gee Hy sy Woord as rigsnoer vir die werk van sy onderdane in sy koninkryk. Die Here wil dat sy hele Woord, sowel die oproep tot geloof as die norme vir die nuwe lewe, verkondig word. Predikante moet 'nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan'...[9]

Die Woord bestryk die hele lewe van die koloniste. Die Here reël in die Skrif die verhouding tussen mans en vrouens, ouers en kinders, kerklike ampsdraers en lidmate, owerhede en onderdane, werkgewers en werknemers. Die Woord bepaal ook die grense van elkeen se gesag. Behalwe oor alle verhoudinge het die Woord ook seggenskap oor alle take in alle sektore van die lewe. Ons ontvang in die Skrif goddelike wysheid vir opvoeding en onderwys, vir alle wetenskappe, vir die sosiale lewe, vir die werksaamhede in alle vakrigtings, vir kuns, ekonomie, ontspanning, kommunikasie deur woord en beeld. Kortom: Die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, is breedvoerig in die Woord beskrywe.[10] Die Skrif rus die mens van God 'vir elke goeie werk volkome' toe.[11]

Vir elke goeie werk, in die gemeenskap van die heiliges en ook in die wêreld, te midde van 'n krom en verdraaide geslag waar die Here sy koloniste laat werk Die Here reël selfs die saamwees van gelowiges en ongelowiges in die kolonie.[12]

Koninkryk-prediking vereis diepgaande Skrifstudie, in biddend opsien na Hom wat sy onderdane deur die prediking paraat wil maak vir hulle ryksdiens. Die kanon-, die rigsnoer-karakter van die Skrif maak troue predikers ywerig om die norme vir die alledaagse lewe uit die goudmyn van die Skrif op te delf en aan die volk van God voor te hou. Die vensters van die kerk wat die koninkryk verkondig, staan na alle kante toe wyd oop. Die lig van die Woord straal oor die hele lewe uit. Hierdie prediking rus die hemelburgers vir hulle dienswerk toe, leer hulle om in liefde die waarheid te betrag en sodoende in alles, ja in al hulle doen en late, op te groei na hulle Hoof in die hemel.[13]

## Die rigsnoer - grondslag by besinning

Hoe verwerk die hoorders die prediking wat elke Sondag na hulle uitgaan? Die Skrif waarsku ons teen 'hoor' en 'dadelik vergeet'. Die vergeetagtige luisteraar hoor, maar doen nie wat die Here wil nie.[14] 'As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is - dit is hy by wie langs die pad gesaai is.'[15]

'By wie op die goeie grond gesaai is - dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer: die een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig.'[16] Die evangelie hoor en verstaan - daarsonder kan geen mens vrugte van geloof voortbring nie.

Hoe kom ons tot verstaan van die gehoorde Woord? Deur die Here se wet dag en nag te oordink.[17]

Ons toets die verkondigde boodskap aan die Woord wat ons in die binnekamer, huisgodsdiens en in verenigings saam met

[3] NGB, art. 5.
[4] 'Ons ontvang' lui in die Franse vertaling 'Nous recevons' en in die Latynse 'recipimus'; vgl. vir die gevoelswaarde byvoorbeeld die woord 'resepsie'(ontvangs).
[5] Vgl. onder meer 1 Kor 10:1-13; Gal 3:8.
[6] Ps 119:105.
[7] 1 Pet 1:23-25.
[8] Joh 3:3.
[9] Heb 6:1-2.
[10] NGB, art. 7.
[11] 2 Tim 3:14-17.
[12] Sien onder meer Matt 13:24-30, 36-43; Joh 17:15-18; Fil 2:15.
[13] Ef 4:12, 15.
[14] Jak 1:22-24.
[15] Matt 13:19.
[16] Matt 13:23.
[17] Ps 1:2.

ander lidmate van die kerk ondersoek. So eien ons die Woord van onse God. Na die eiening volg die doen van die Woord in allerlei werksaamhede.

Die hele proses van hoor tot doen, wat laas maand uitvoeriger beskryf is, verloop dus in drie stappe. Stap een: Hoor die verkondigde Woord. Stap twee: Oordink die prediking toetsend in persoonlike en gemeenskaplike ondersoek van die Skrif (tydens huisgodsdiens en in Bybelstudie-vereniging). Stap drie: Voer die rykswet in allerlei werksaamhede uit.

Daar is werksaamhede wat as sulks geen beginsel-verskille openbaar nie. Twee werk op die land. Twee vroue maal by die meul.[18] Twee ontwerp 'n rekenaarprogram vir 'n bank. Twee messel 'n muur van 'n huis. In die werksaamhede self sien 'n mens nie die kloof wat die werkers skei nie. Nee, die liefde van die hart, die gesindheid - daarin gaan hulle uiteen. Die een werk uit geloof, diensbaar aan sy Koning; die ander wil van die Here niks weet nie.

Daar is ander werksaamhede waarin die uiteengaan in beginsel wel terdeë uitkom. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is opvoeding en onderwys. Christelike opvoeding en onderwys oefen die leerlinge in die huis en van die laerskool af tot op tersiêre vlak in hulle ryksdiens. Hierdie opvoeding en onderwys staan diametraal teenoor opvoeding en opleiding waarin die Here en sy koninkryk geen leidende plek inneem nie. In alle arbeid wat met enige prinsipiële besinning gepaard gaan, kom die antitese, die uiteengaan in beginsel, na vore: in die politiek, die ekonomie, die wetenskappe, die pers ensovoorts.

Die hele proses van hoor tot doen verloop nou nie in drie nie, maar in vier stappe. Na die persoonlike en gemeenskaplike ondersoek van die Skrif (stap twee hierbo) volg die derde stap: Besinning oor die norme in die verkondigde en gelese Woord met die oog op die alledaagse praktyk. Ons kultuuropdrag, ons rentmeesterskap, die tien gebooie en ander wette in die Skrif, asook die uiteensetting daarvan in ons belydenis, word noukeurig bestudeer. Die suurdeeg van die Woord word sodanig in die deeg (die lewe in die kolonie) ingewerk totdat die deeg heeltemal ingesuur is.[19] Hemelburgers ken na dié inspanning konkreet, hier en nou, die wil van die Here.

Nie een alleen kan die suurdeeg van die Woord in die deeg (die volle lewe) inwerk nie. Ook vir hierdie besinning geld die reël van die Skrif, dat ons *'saam met al die heiliges'* in staat kan wees om 'ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte (van ons diens in die kolonie) is.[20]

Hierdie besinning in die gemeenskap van die heiliges kry nie einde nie. Omstandighede in die kolonie verander. Met elke verandering ontstaan daar nuwe vrae wat in die lig van Gods wet beantwoord moet word.

Die grondslag waarop hierdie besinning plaasvind, is die Skrif soos gereformeerde kerke in die wêreld bely. In dié belydenis is die waarheid van die Woord teenoor allerlei ketterye bewaar.

## Organisasies op gereformeerde grondslag

Saam besin, geskied op die beste manier in 'n vereniging. Die lede stel 'n studieprogram op, verdeel take en kom ooreen wanneer hulle dit inhandig en bespreek. Georganiseerde samewerking lei tot optimale tydbenutting en goeie resultate. Die norme wat in die prediking verkondig en deur Skrifstudie in diepte verstaan is, word deur almal saam tot konkrete programme vir aksie in die kolonie verwerk.

Voorbeelde van sulke verenigings op gereformeerde grondslag is ARSO (vir gereformeerde onderwys) en die vakgroepe waartoe ons redaksie gestimuleer het en wat nou saamgebring is in die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel. Ons het 'n teologiese studiegroep op die been gebring tot ondersteuning van die besinning in die vakgroepe en om die prediking van die koninkryk in ons midde te bevorder.

Ons bid en werk dat uit hierdie klein plantjie talle organisasies op gereformeerde grondslag mag groei, soos 'n politieke beweging, 'n vakorganisasie, 'n persgroep, 'n wetenskaplike vereniging en in die kerk een of meer bonde waarin Bybelstudieverenigings saam groepeer. Organisasies wat op die gereformeerde grondslag werk, is hulpmiddels om die volk van God in alles vir hulle diens in die kolonie paraat te maak. Deur saam te werk verdiep ons saam die insig in die lewe-omspannende opdragte van onse Koning. Die blindelingse naloop van leierfigure (kerklike en politieke leiers) verdwyn en maak plek vir 'n volk wat die Here en sy Woord steeds dieper leer ken en liefhê.

## Hemelburgers bly op die fondament

Aksie om in alles vir die ryksdiens paraat te word stuit wêreldwyd op teenstand. Verset daarteen kom selfs uit eie kring. Hier volg 'n kort aanduiding daarvan en word die teenstand wat in vorige artikels ter sprake was, weer vermeld om 'n oorsig van die fronte te kry.

*Verloëning van die fondament*

Die Woord van God is vir talle dwaalgeeste nie die fondament waarop hemelburgers in die hele lewe bou nie. Die lewe in die kolonie is volgens hulle *neutraal*. Of, nog erger: Dit lê onder die *oordeel van God*. Die strewe om die lewe te verchristelik word smadelik as neo-Calvinisme getipeer (kARL Barth en sy aanhangers). Ander sê: Die lewe in die kolonie word net deur *goddeloses* bestuur. Laat die landsregering aan hulle oor. Vermy daardie lewe soveel moontlik (Doperse strominge). 'n Derde groep beperk die geloof tot die *verhouding tussen God en die siel van die mens*. Die Skrif is vir hulle nie kanon, rigsnoer vir die lewe, nie (piëtiste). Wie een van hierdie dwaalgeeste volg, loën die fundamentele karakter van die Skrif vir die volle lewe.

Die Here sê: Groei in alles, in die hele lewe, na die Hoof op. Betrag my waarheid orals waar jy gaan en staan. Hy laat sy volk ooreenkomstig sy rigsnoer wandel.

*Vervanging van die fondament*

Op die tweede front teen organisasies op gereformeerde grondslag ontmoet ons die Calvinistiese wysbegeerte. Hierdie wysbegeerte, 'n poging om christelik wetenskap te beoefen, het aanvanklik goeie vrugte opgelewer. Daaroor gaan dit nie hier en nou nie. Vanuit die staanspoor is die gereformeerde grondslag (die Skrif en die drie formuliere van eenheid) in die Calvinistiese wysbegeerte vervang met 'Calvinistiese beginsels' en 'n 'religieuse grondmotief'. Dit is 'n ander, veel korter, belydenis as die belydenis van die kerk.

Calvinistiese wysgere glo in direkte aansluiting by hulle 'Calvinistiese beginsels' aan 'soewereiniteit in eie kring'. Die kerk met sy belydenis verdwyn na 'n hoek van die samelewing.

[18] Matt 24:40-41.
[19] Matt 13:33.
[20] Ef 3:18; vgl. HK, antw. 55.

Die belydenis is vir hulle net binne die samelewingsverband van die kerk van krag. Lidmate bou die volle lewe op 'Calvinistiese beginsels'. Dit moet betreur word dat in die kring van die Calvinistiese wysbegeerte nie op grondige, Skrifgefundeerde afwysing van hierdie uitgangspunte, gereageer is nie.[21]

Die Here gee ons nie twee fondamente, een vir die kerklike lewe en 'n ander, korter een vir wetenskaplike, politieke, sosiale en ander aktiwiteite nie. Hy roep ons om sy waarheid, sy hele Woord, in die kerk en in die lewe daarbuite, in die kolonie, te betrag. Die Skrif en die daarop gegronde belydenis - dit is ons enigste fondament, en die enigste rigsnoer vir die lewe van die Sondag tot die Saterdag.

*Uitskakeling op die fondament*

Die derde groep wat weerstand teen organisasies op gereformeerde grondslag bied, verkerklik die lewe. Rome gaan hierin voorop. Die pous verbeel hom dat die Here hom met wêreldlike mag beklee: verkerkliking van die politiek. Onderwys word deur die kerk gegee: verkerkliking van die skool. Die volk van God word tot leke gedegradeer.

Protestantse groeperings volg Rome. Kerklike vergaderings en deputate bemoei hulle met aktuele vraagstukke in die politiek, in die maatskaplike en sosiale lewe. Hierdie 'kerkleiers' degradeer net soos Rome die volk van God tot leke. Hulle rus nie die heiliges toe nie, maar neem die take van die heiliges self ter hand. Die volk word van werksaamhede op die fondament weerhou, uitgeskakel by die arbeid op die fondament.

Gehoorsame hemelburgers laat nie toe dat hulle fundamenteel uitgeskakel word nie. Hulle ondersoek self en saam die rigsnoer wat hulle van die Here ontvang. Op gereformeerde grondslag. So word hulle in alles paraat vir diens in die kolonie.

## Paraat

Die Here maak sy koloniste paraat vir diens in die kolonie. Hy gee sy Woord, die rigsnoer vir die hele lewe. Hy laat die norme verkondig. Die gepredikte Woord word selfstandig en in die gemeenskap van die heiliges bestudeer. Die norme word vervolgens in geloof, biddend, saam met al die heiliges verwerk tot programme van aksie in die kolonie.

Nou is die hemelburgers paraat, voldoende *voorberei* om die Here ooreenkomstig sy bevele te dien. Paraat beteken ook *bereidwillig*. Wie in die geloof al die voorbereidende ondersoek doen - die Here maak hulle daardeur gewillig vir diens aan Hom in die wêreld. Wat hou dié diens in? En wat werk hierdie diens in die kolonie uit? Hierdie vrae kom DV volgende maand aan die orde.

[21] Ek noem slegs twee artikels van JR Wiskerke, De confessie van de kerk en 'Souvereiniteit in eigen kring' bij dr A Kuyper, in sy *De strijd om de sleutel der kennis*. Groningen: Vuurbaak, 1978, pp. 35-92 en 191-221.

---

## Kersoordenking

**Prof. GJC Jordaan**, Potchefstroom

# *DIE ENGELELIED*

**'Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!'** (1983-vertaling)

*Lees: Lukas 2:1-20; teks: Lukas 2:14*

Kersfees word ons op 'n unieke manier daaraan herinner dat God die verloop van die hele wêreld beheer. Hy wat alles en almal geskape het, staan ook in beheer oor hoe die skepping en die hele mensdom se geskiedenis verloop. Daarom kan geskiedenis nie, soos moderne geskiedenisboeke dit voorstel, gemeet word bloot aan wat mense doen nie. In werklikheid moet geskiedenis geskryf word as dit wat God deur die eeue doen en met die mensdom laat gebeur.

## God geopenbaar in die vlees

Kersfees dink ons by uitnemendheid aan 'n daad van God in die geskiedenis - 'n daad waarmee Hy 'n geweldige wending in die mensegeskiedenis teweeggebring het. Dit was toe Hy na die aarde toe gekom het om tussen ons te woon, in sy Seun, gebore as 'n mens. Die optrede van sy Seun het die geskiedenis van die mens in 'n totaal nuwe koers gestuur.

Dat die mensdom 'n nuwe koers moet inslaan, het God in die hemel in sy wyse raad vasgelê. En daarom, toe Hy sy Seun gestuur het, was dit optrede uit die hemel. Daarom was dit ook so dat die aankondiging van hierdie groot gebeurtenis uit die hemel gekom het. God het 'n engel gestuur om die koms van sy Seun aan die mense bekend te maak. Nie net sodat die mense sou besef dat sy Seun mens geword en gebore is nie, maar dat hulle ook die geweldige betekenis van sy geboorte sou besef.

Om hierdie rede het 'n menigte engele die nag van Jesus se geboorte aan die skaapwagters in die oop veld verskyn en hulle boodskap uitgesing:

'Eer aan God in die hoogste hemel,
*en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het.'*

Hierdie engelelied was 'n jubelende verkondiging van die nuwe fase in die mensegeskiedenis wat God met die geboorte van Jesus Christus laat aanbreek het.

## Eer aan God

Die lied begin met 'n lofprysing: *'Eer aan God in die hoogste hemel.'* Eintlik is die woorde 'n stelling. Dit konstateer 'n feit: Alle eer en heerlikheid wat daar is, behoort aan God. Hy wat sy troon in die hoogste hemel het, regeer oor alles wat daar is met koninklike eer en heerlikheid.

Waarom begin die engeleboodskap juis hiermee? Om daarmee bekend te maak dat die geboorte van die kindjie in Betlehem 'n gebeurtenis is wat nie van mense-oorsprong is nie maar wat volgens die hemelse raadsbesluit van die almagtige God plaasgevind het.

*'Eer aan God in die hoogste hemel.'* 'n *Feit*. Maar ook 'n *opdrag*. Elkeen wat besef wat die koms van Jesus Christus werklik vir die mensdom beteken, word so daardeur aangegryp dat Hy nie anders kan nie - hy moet alle eer en heerlikheid

aan God toebring. Daarom het daardie skaapwagters, nadat hulle die kindjie wat gebore is, gesien het, hierdie opdrag daadwerklik uitgevoer. In vers 20 lees ons dat hulle God verheerlik en geprys het oor alles wat hulle gehoor en gesien het.

Hierdie opdrag het deur die eeue bly staan, sodat Kersfees vir ons vandag steeds 'n opdrag is: Besing die eer en die heerlikheid van God wat in die hoogste hemel troon. Want Hy het sy Seun gestuur om ons lewenslot totaal te verander.

## Vrede op aarde

Watter verandering het Hy aan ons lewenslot gebring? Die tweede deel van die engeleboodskap sing dit uit: *'Vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het.'* In die Afrikaanse vertaling mag dit lyk of die engelelied hierdie 'vrede op aarde' aan die mensdom toesê of toebid, met ander woorde: 'Mag daar vrede op aarde wees', of selfs: 'Daar sal voortaan vrede op aarde wees'. Om dit so te verstaan, skep egter vir ons probleme, want dan is dit moeilik om te verklaar hoekom die vrede dan nie daarna op aarde gekom het nie. Deur die eeue tot vandag toe bly die mens steeds vasgevang in onvrede, beleef hy oorlog en geweld en misdaad - die teendeel van dit wat ons in die engeleboodskap toegesê word!

Maar as 'n mens mooi na die woorde van die engeleboodskap kyk, word dit duidelik dat ons die 'vrede op aarde' nie as 'n toesegging aan die mens moet opneem nie. Ook hierdie deel van die boodskap konstateer 'n *feit*. 'n Heilsfeit. Dit sê wat God deur die geboorte van sy Seun op aarde kom doen. Hy kom bewerkstellig vrede!

En weer bevat hierdie heilsfeit 'n *opdrag*. Dit roep uit: As jy werklik vrede wil vind, soek dit by God. Sonder God bly die onvrede voortduur en groei dit al verder aan. Maar by God sal jy ware vrede vind. Daarom kon daardie selfde kindjie wat dié nag as die Seun van God gebore is, later toe Hy grootgeword het, sê: *'Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.'*

Kersfees is dan die tyd van die jaar waarop ons opnuut daaraan herinner word dat God vir ons in ons rustelose en gejaagde lewens rus gee. Kersfees word ons opgeskerp om met ons moeite en probleme en met ons angste en spanninge na Christus toe te draai en met geloofsvertroue ons lewe in sy hande oor te gee. Nie net op Kersdag nie, maar elke dag. Hy is so naby - net maar 'n gebed ver. Roep na Hom, die groot Vredevors, en jy sal vrede vind.

> *Dit is goed om allerlei menslike vredespogings op tou te sit. Maar sonder God is selfs ons beste pogings vrugteloos.*

Hierdie boodskap moet ons op Kersfees - en daarna - aan 'n vredelose wêreld uitdra. Dit is goed om allerlei menslike vredespogings op tou te sit. Maar sonder God is selfs ons beste pogings vrugteloos. *'Soek eers die koninkryk van God, en die res sal vir julle bygevoeg word,'* het ons Here Jesus later vir die skare gesê waar hulle aan sy voete gesit het en Hy hulle geleer het.

## Vir die mense in wie Hy 'n welbehae het

Die koms van die Seun van God in hierdie wêreld was so 'n grootse gebeurtenis dat dit die hele wêreld in 'n nuwe koers stuur - op die koers van vrede. Maar geweldig en omvattend soos hierdie gebeurtenis was, is dit so persoonlik en intiem dat dit elke mens op aarde, tot die heel kleinste toe, raak. Hiervan getuig die engeleboodskap aan die herders daardie nag. Hulle sing dat God vrede op aarde gee *'vir die mense in wie Hy 'n welbehae het'*.

*' ... in wie Hy 'n welbehae het'.* Dit is die taal van die uitverkiesing. Dit stel ons voor nog 'n feit: dat God nie aan almal voor die voet sy vrede gee nie, maar slegs aan hulle wat Hy in sy welbehae daartoe uitverkies het.

Hierdie feit het al in die verlede baie besware by mense ontlok, ook van welmenende christene. Waarom gee God sy vrede dan net vir 'n geselekteerde groepie? Watter soort van genade is dit? Dit is mos eerder onreg as genade! Hierdie besware hou egter nie daarmee rekening dat die hele mensdom so deur die sonde van koers af gedwaal is dat geen mens op sy eie by God kan uitkom nie. Net God self kan ons na Hom toe bring. Net as Hy besluit om jou na Hom toe te bring, kan jy dit doen.

So is dit weer God wat die mens se lewensgeskiedenis radikaal verander. Volgens sy ewige raadsbesluit gryp Hy jou as 't ware by die hand, stuur Hy sy Gees in jou hart en ken Hy die vrede van Jesus Christus aan jou toe. Soos die apostel Paulus dit in die Filippensebrief stel: *'Ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Jesus Christus gegryp is.'*

Omdat God in sy uitverkiesende welbehae vir u en vir my gegryp het, kan en moet ons ook in die geloof aan Hom vasgryp. So ontvang ons die vrede wat sy Seun, Jesus Christus, vir ons bewerk het, toe Hy die losprys vir ons sondes aan die kruis betaal het, sodat ons tot in ewigheid sy heilseiendom kan wees.

Maar Kersfees is ook 'n tyd van vorentoe kyk. Die vrede wat Christus bring, laat ons ook met ingehoue afwagting uitsien na die volgende groot verandering wat Hy in ons lewens beloof het: die opstanding tot die ewige lewe. In 1 Korintiërs 15 stel Hy vir ons in vooruitsig hoe dit sal gebeur. Wanneer die wederkoms van die Here met die klink van 'n basuin sal aanbreek, sal ons en almal wat in die Here ontslaap het, in 'n oogwink verander word. Hy sal ons nuut maak sodat ons aan Hom gelykvormig sal word.

Ja, by die voleinding sal die Here alles nuut maak, lees ons in Openbaring 21. Daarom hoef ons nie moedeloos te word nie en hoef ons nie in vrees vir die toekoms te lewe nie. Inteendeel, wanneer die wêreld sy gewone teleurstellende en spanningsvolle loop neem, is ons gevul met 'n opgewonde afwagting vir wat voorlê. Want ons lewenskoers en -uiteinde is anders, juis omdat God ons in sy welbehae gegryp en ons syne gemaak het.

So word die lied van Kersfees die kenwysie van ons lewe wat altyd en orals in ons harte opklink: Alle eer en heerlikheid behoort aan God wat in die hemele regeer. Daarom bring ek aan Hom alle eer en heerlikheid toe, want Hy bewerk vrede op aarde, ook vrede in my lewe, omdat Hy in sy goddelike welbehae ook my daartoe uitverkies het. *Soli Deo Gloria*. Aan God alleen die eer.

**BY DIE JAARWISSELING**

# Die koning se hart in die Here se hand

**Dr J Visser,** emeritus-predikant van Brakpan-Suid

**'Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.'** *(Spreuke 21:1)*

Is daar werklik 'n God wat bestaan? - 'n God wat al die geskapene onderhou en regeer? - 'n God wat in hierdie mal en omgekeerde en waansinnige wêreld die teuels hou en die koers vaslê? - 'n God wat ook ons toekoms in hierdie land bepaal? - 'n God wat ook my klein lewe in sy hand hou?

Soms, as die teenspoed en swaarkry, die onsekerheid en angs ons wil verwurg, voel dit vir ons asof God so ver is, so onbereikbaar, ja ... selfs onwerklik. Soms, as ons die verwarring in hierdie verwronge wêreld en die wetteloosheid in hierdie 'nuwe Suid-Afrika' en die waansin van hierdie siek mensheid sien, lyk dit steeds meer asof Satan hier oorgeneem het.

Waar moet ons heen in so' n land en so'n wêreld en temidde van so'n mensheid, waar leuen en haat en chaos en geweld hoogty vier? Het God dan sy rug op hierdie aarde gekeer? En kan ons nog hoegenaamd enige betekenisvolle verwagting koester in hierdie tyd?

## Die HERE regeer

Luister dan, hier op die drumpel van die jaar 2001, wat sê die HERE in sy Woord: 'Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome; Hy lei dit waarheen Hy wil'.

*Dit* beteken: Hierdie wêreld en hierdie land van ons en hierdie mensheid gaan vooruit of agteruit, na bo of na onder, links of regs volgens die soewereine, onveranderlike beskikking van die HERE. Politiek, staatkunde en diplomasie sit onlosmaaklik vas aan die raad van die HERE ... ook in hierdie tyd en in ons eie land.

Moenie dink dat die gruwelikhede wat vandag in die wêreld en in ons eie land plaasvind, buite die raad van die HERE omgaan nie ... dat dit vir Hom onverwagte en onaangename verrassings is nie. Nee, Hy *beskik* dit juis só, met 'n hoë en heilige doel!

As u en ek *dit* waaragtig *glo* en *daarmee* konkreet *rekening hou* in ons praktiese lewe en in ons toekomsperspektiewe, sal daar baie minder angs en spanning en twyfelmoedigheid by ons wees.

Van die konings lees ons in die Ou Testament dat hulle gevrees is, omdat hulle beskik het oor die lewe en dood van hul onderdane. Dit lyk soms asof God magteloos moes toekyk hoe die konings hul mag ongebonde en onstuitbaar misbruik het.

En tog, die werklikheid is baie anders. 'Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome; Hy lei dit waarheen Hy wil.' - Dit is Salomo, die grootste koning van alle tye, wat hierdie woord neerskryf onder inspirasie van die Heilige Gees.

Die waterstrome wat Salomo hier as voorbeeld gebruik, is die kanale en vore wat by die besproeiing van landbougrond gebruik word. Soos daardie waterstrome deur die landbouer presies gelei word waarheen hy dit wil hê, so is ook die hart van die koning in die HERE se hand: Hy lei gedagtes en planne en besluite presies waar *Hy* dit wil hê. Hy gebruik selfs die mees-verharde koning om *sy* raad te dien en *sy* koninkryk uit te bou! Die Bybel gee talle voorbeelde hiervan: Farao wat aan Josef geheg raak; Nebukadnésar wat guns bewys aan Daniël en sy vriende; Ahasvéros wat Haman laat ophang en Mórdegai verhoog; Kores en Daríus wat toestemming en hulp verleen vir die bou van die tempel.

Ja, die HERE is die Absolute, die Soewereine; Hy heers op aarde en in die hemel. *Alles* wat hier op aarde gebeur, is die vervulling van *sy* raadsplan en die verwerkliking van *sy* gedagtes. - En dit alles vir die voltooiing van sy koninkryk en die verlossing van sy kinders.

## Ons Vader regeer

Want let op: Hier staan nie dat die koning se hart in die hand van *God* is nie, maar juis in die hand van die *HERE*! Die Naam 'HERE' is God se *Verbondsnaam*. Dit is dié Naam wat Hom aandui as dié God wat gister en vandag dieselfde is en vir ewig; dié God wat trou bly tot in ewigheid! - Dié God wat in Jesus Christus *ons Vader* geword het.

En juis *hierin* lê vir u en my en elke kind van die HERE 'n heerlike troos: dat die ganse wêreldpolitiek in die hand is van *ons HERE* ... wat in Jesus Christus en sy verdienste, deur die werking van die Heilige Gees, 'n verbond van genade opgerig en 'n koninkryk van saligheid geskep het vir u en my en ons verbondskinders!

- Om *daardie* verbond en *daardie* koninkryk gaan *alles* op hierdie aarde, ook die oorlegginge in paleise en die besluite in parlementsgeboue. Uiteindelik moet *alles* dien tot die verlossing van sy volk en die koms van sy koninkryk en die ere van sy Naam.

Ook in die laaste dae, wanneer die 'mensgemaakte god' en die 'vergoddelikte mens', die antichris, sy septer hier sal swaai; wanneer godsdiens beskou sal word as hoogverraad en die waarheid as 'n misdaad; wanneer daar van God en sy werke so bitter-min gesien sal word ... ook *dan* sal die HERE die teuels nog styf in sy hande hou; want ook die antichris sal God se raad moet dien.

Op hierdie aarde word alles deur *die HERE* beskik en bepaal ... ook vandag nog, waar die wêreld en ons eie land verkanker word met die pes van anargie en geweld, van chaos en onsekerheid. Ja, die HERE gebruik selfs die wandade van die goddelose konings en leiers vir sy doel.

En hierin sit eintlik die geheim daarvan dat nasies en state en regerings nog voortbestaan ... selfs al is hulle uitgesproke godloënaars en brutale vyande van die Christendom. Al het hulleself nie die vaagste begrip daarvan nie, is hulle maar net magtelose instrumente in die hand van die almagtige HERE, om *sy* raad te vervul en *sy* doel te bereik.

Wat 'n kragvolle troos vir ons en ons nageslag in hierdie land! Al die verwarring en korrupsie, al die haat en wreedheid, al die verskrikking en vrees, al die gruwelike geweldpleging en moord is in *die HERE* se raadsplan ingeweef. Die HERE het sy heilige doel daarmee. Nooit sal Hy toelaat dat regerings en magte *buite* sy wil *hulle* duiwelse oogmerke bereik nie!

## Die HERE regeer volgens sy raad

As die HERE spreek van geweld en ondergang in hierdie land, sal niks en niemand dit stuit nie. As Hy spreek van vreedsame naasbestaan in Suid-Afrika, verdamp alle vyandskap en geweld soos mis voor die son. Dan word ons felste vyande ons grootste vriende.

Ag, ek weet dat die 'mondige', oor-ontwikkelde mens van vandag ons sal uitlag oor sulke bewerings; want die groot, postmoderne mens van ons tyd het (soos hyself meen) God, die Skepper, uit sy eie skepping weggewerk en uitgeban. Daar is vir God geen plek meer in sy eie wêreld nie.

En só het die skepsel *revolusie* gepleeg, en 'onwettig' by die Skepper 'oorgeneem'. En die eerste daad wat hy na sy 'bewindsoorname' verrig het, was om God 'dood te maak', om 'n verklaring uit te reik dat daar vandag geen God bestaan nie.

Ja, die mens meen om *self* sy eie heil uit te werk. Hy meen om *self* die toekoms te bepaal. Met sy briljante ontdekkings en vooruitgang meen hy om *self* sy verlore paradys weer op te bou. Hy dink dat hy God en sy Woord beslis nie nodig het nie.

Daarom maak hy ook met die Woord van God wat hy wil. Die gesag daarvan word brutaal aangetas en verwerp ... selfs deur predikante en teoloë. Hierdie en daardie deel van die Bybel is nie werklike geskiedenis nie; dit en dat in die Bybel hoef nie vandag ernstig opgeneem te word nie, omdat dit slegs gegeld het vir die mense in die tyd toe die Bybel geskryf is; vir ons, vandag, is dit uitgedien en verouderd. Selfs Jesus Christus word as die enigste Saligmaker verwerp; Hy is nie die enigste Weg tot saligheid nie, maar daar is miljoene mense wat ook buite Hom 'hemel-toe' sal gaan.

*Dit* is die hersenskimme in die siek brein van die 'ontwikkelde' mens van vandag.

Maar Hy wat in die hemel woon, lag; die HERE spot met hulle! ... Omdat die werklikheid soveel anders is.

Luister. 'Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome; Hy lei dit waarheen Hy wil.'

- Die HERE beskik oor *alles*. Hy voer *alles* na sy groot doel ... ook die gek wêreld en die waansinnige mens, die magsdronke leiers en die bloeddorstige massas van vandag, wat van Hom en sy bestaan niks wil weet nie.
  Op hierdie aarde snel *alles* na die groot doel wat die Verbondsgod in sy ewige raadsplan vasgelê het: die saligheid van sy verloste kinders in sy volmaakte koninkryk.
- *Dit* is waarom Jesus Christus ook gesterf het! *Dit* is waarom die Heilige Gees nog werk vandag! *Dit* is waarom daar vandag nog mense en volke en regerings bestaan: om *die HERE* se raad tot vervulling te bring, tot eer van sy Naam.

## Glo in Hom wat oor alles regeer

Ag, as ons *dit* tog maar waaragtig wou *glo* in hierdie land! Veral by hierdie jaarwisseling.

Dan sou daar minder *vrees* by ons mense wees; en ook minder *goddeloosheid* en *geldsug*, minder *sportverafgoding* en *dolle gejaag na plesier*.

- En daar sou baie meer *godsvrug* in ons land wees. Baie meer *'kerkvastheid'* by die miljoene sogenaamde *'kerkmense'*; baie meer *'godsdienstigheid'* by die miljoene sogenaamde *'godsdienstiges'* in hierdie land.
- Die HERE lei die hart van die koning soos waterstrome waarheen Hy wil. *Alles* moet sy raad dien. Hy kan ook vyandige regerings gebruik om sy weggeloopte verbondskinders tot besinning te ruk.

Mag ons tog *luister, verstaan*, en *verander*!

- Sodat ons met vrymoedigheid en vertroue kan bid dat die HERE vandag ook die hart van die regering en die gesindheid van groepe en partye só mag lei dat Suid-Afrika 'n land van vrede sal wees.

Ook in die jaar 2001 sal die HERE die mensdom, die wêreld, Suid-Afrika en die toekoms in sy hand hê. Hy lei alles na die volmaakte koninkryk van die Vredevors, Jesus Christus.

- Mag Hy ook ons en ons kinders eens laat ingaan in dié koninkryk!

---

**AKTUEEL**

# FUNDAMENTALISME EN ANTI-FUNDAMENTALISME, DIE GEREFORMEERDE TEOLOGIE IN DIE SPERVUUR

(Voordrag by die Vereniging vir Gerformeerde Lewenswandel, Pretoria, 7 Oktober 2000)

**Prof. GJC Jordaan,** Potchefstroom

In die hoofartikel van *Die Kerkbode* van 15 September 2000 loop 'n mens 'n baie interessante opmerking raak. Die redakteur van die blad maak beswaar teen die uitlating van prof. Christina Landman dat dit 'in die godsdienstige pers net die stemme van 'n paar onderontwikkelde fundamentaliste' is wat gepubliseer word. Hy vind haar uitlating nie net 'onverstaanbaar' nie maar ook 'beledigend' (*Kerkbode*, 15 Sept, p.6). Die interessante hieraan is die feit dat in Suid-Afrika dit tot nog toe hoofsaaklik die Gereformeerdes was aan wie die etiket van *fundamentalisme* gehang is, onder andere deur teoloë van die Ned. Geref. Kerk. Maar Landman hang nou die etiket om die nek van daardie selfde teoloë. Dit lyk of die skoen vir 'n slag aan die ander voet is.

In die geledere van die GKSA het ons nog altyd fundamentalisme as sodanig afgewys. Vir ons is die fundamentalisme 'n beweging wat sulke eng en rigiede beskouings handhaaf dat hulle op die 'teologiese spektrum' 'regs' van die gereformeerde teologie geposisioneer is. Maar met Landman se bewering blyk dit dat ons nou die situasie het waar ook teologiese groeperinge 'links' van die gereformeerde teologie as fundamentalisties beskou word. Om sake verder te kompliseer, het MA Kruger in 'n artikel in *In die Skriflig* (1993:583vv.) aangetoon dat sekere groeperinge binne die GKSA as fundamentalisties beskryf kan word en ander nie. Regs van die GKSA, links van die GKSA, binne die GKSA - waar word die fundamentalisme dan werklik aangetref?

Die antwoord op hierdie vraag is redelik voor die hand liggend. Dit hang alles af van hoe die fundamentalisme gedefinieer word. Hoe wyer en omvattender jou definisie van die fundamentalisme is, hoe 'n groter deel van die teologie gaan onder die sambreel daarvan inpas. Die eintlike vraag is dus: Hoe moet die fundamentalisme dan gedefinieer word? Of liewer: Hoe wyd behoort dit gedefinieer te word? Eers dan kan 'n mens die gereformeerde teologie teen die fundamentalisme begin opweeg. Uiteindelik gaan dit oor die vraag of Gereformeerdes enigsins ontsenu moet raak wanneer hulle van fundamentalisme beskuldig word en of ons ons moet verwerdig om ons teen sulke aantygings te verdedig.

## Definiëring van die fundamentalisme

Die benaming 'fundamentalisme' het blykbaar sy ontstaan gehad by die Algemene Vergadering van die Presbiteriane in Amerika in 1910, waarby die volgende vyf punte as fundamenteel aanvaar is (Kruger, 1993:585-6):

- die foutloosheid van die Skrif;
- die Godheid en onbevlekte ontvangenis van Christus;
- Christus se plaasvervangende versoening;
- die fisiese opstanding van Christus;
- die wederkoms van Christus.

J.N. Vorster (1988:156) toon aan dat hierdie vyf punte deur feitlik alle protestante aanvaar sou word en daarom so algemeen is dat dit nie as tipering van die fundamentalisme deug nie.

In ieder geval was hierdie vyf fundamentele stellings van die Presbiteriane die aansporing vir Curtis Lee Laws toe hy in 1920 sy anti-modernistiese beweging die naam *Fundamentalisme* gegee het. Eers toe het die woord 'n negatiewe konnotasie begin kry. Daarop het 'n verskeidenheid van definisies van die fundamentalisme gevolg:

- Furniss (vgl. Vorster, 1993:15) beskryf fundamentaliste as mense met 'n vrees vir die onbekende nuwe, wat hulle sekuriteit in die behoud van ou dinge soek en wat baie sterk oor hulle oortuigings voel. Aanklagte van hierdie aard word dikwels in die rigting van Gereformeerdes geslinger. Vorster (1993:15) toon egter aan dat Furniss hiermee niks meer gee as 'n beskrywing van die psigologiese mondering van baie mense nie, selfs van absoluut uiteenlopende oortuigings. Daarom kan dit glad nie as definisie van die fundamentalisme deug nie.
- Niebuhr (vgl. Vorster, 1993:15) tipeer fundamentaliste as mense wat uit minder intellektuele kringe, byvoorbeeld die platteland, of uit die laer-inkomstegroepe kom. Christina Landman se uitlating waaroor *Die Kerkbode* so beledig voel, waarin sy na 'onderontwikkelde fundamentaliste' verwys, sluit duidelik by Niebuhr se definisie aan. Weer eens is dit egter 'n onhoudbare definisie, aangesien die sogenaamde fundamentalisme beslis ook sterk in gegoede en intellektuele groepe voorkom (Vorster, 1993:16).
- Sandeen (1970, vgl. Vorster, 1993:16) beskryf die fundamentalisme as 'n beweging wat in die Amerikaanse premillennialisme en in die teologie van Princeton van die 1930's gewortel is. Hiermee kom ons nader aan 'n definisie, want dit sê ten minste iets oor die fundamentalisme se standpunte.
- Barr (1977, vgl. Vorster, 1993:16) definieer die fundamentalisme as 'n religieuse houding in konserwatiewe kringe
  - wat klem lê op die foutloosheid van die Bybel,
  - wat negatief staan teenoor die modernistiese teologie,
  - wie se Skrifbeskouing op 'n bepaalde ideologie berus, en
  - wat sterk eksklusivisties is.

As 'n mens Sandeen en Barr se definisies kombineer, dan gee dit naastenby die beskouing wat ons in die GKSA oor die fundamentalisme huldig, saam met die volgende beskrywing deur Marsden:

- Die fundamentalisme is 'n losse koalisie tussen strominge soos die Amerikaanse herlewingsbewegings, Puritanisme, piëtisme, evangeliebewegings ('evangelicals'), millennialisme en Baptistiese tradisionalisme wat kragte saamsnoer in reaksie op die modernistiese teologie (Marsden, 1980, vgl. Vorster, 1993:17).
- Vorster (1993:17) gaan ook in breë trekke met so 'n definisie saam, maar voeg dan daarby dat die fundamentalisme gekenmerk word deur die feit dat dit die Bybel as absolute gesagsbron gebruik.

Vorster se definisie bring egter 'n nuwe vraag na vore: As dit dan tipies van die fundamentalisme is om die Bybel as absolute gesagsbron te gebruik, hoe ver verskil die fundamentalisme dan van die gereformeerde belydenis? Daarom gee ek vervolgens 'n samevatting van Vorster se beskrywing van die kenmerke van die fundamentalisme, en vergelyk dit elke keer met die gereformeerde belydenisskrifte.

## Kenmerke van die fundamentalisme

1. Eerstens, sê Vorster, word die fundamentalisme gekenmerk deur wat hy noem 'n onderontwikkelde historiese bewussyn. Teenoor die Darwinisme staan die fundamentalisme daarop dat niks natuurlik, insidenteel of toevallig ontwikkel nie. Die geskiedenis word supranatureel bestuur (Vorster, 1993:19). *Hierdie beskouing van die geskiedenis kan egter nie aan die fundamentalisme toegeskryf word nie, maar word in die Heidelbergse Kategismus onder woorde gebring in Sondag 10 as die voorsienigheid van God 'waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat ... alles ons nie per toeval nie maar uit sy vaderhand toekom ... aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie'.*
   Die Kategismus is natuurlik nie 'n reaksiegeskrif teen die Darwinisme nie aangesien dit reeds in die 16e eeu opgestel is. Die Kategismus spreek bloot die Skrif na (vgl. die talle Skrifbewyse by Sondag 10 - iets wat volgens Vorster ook tipies fundamentalisties is).
   Vorster toon aan dat die geskiedenisbeskouing van die fundamentalisme dikwels gewortel is in die dispensasieleer van die Millennialisme, wat voortspruit uit 'n baie letterlike verstaan van Openbaring 20 en Daniël 9. Die Millennialisme figureer natuurlik nie in die gereformeerde belydenisskrifte nie en, hoewel dit wel in gereformeerde geledere voorkom, word dit merendeels in charismatiese kringe aangehang. Miskien kan 'n mens 'n saak daarvoor uitmaak dat die fundamentalisme sterk aan die geskiedenisbeskouing van die chiliasme verbonde is. Maar die beskrywing van die geskiedenis as dat dit volkome binne die voorsienigheid van God verloop, kom nie van die fundamentalisme nie maar van die gereformeerde belydenis.
2. In die tweede plek, sê Vorster, is dit kenmerkend van die fundamentalisme dat dit afwysend staan teenoor die wetenskap (1993:23). Tog erken hy dat baie fundamentaliste juis 'n hoë premie op die wetenskap en die intellek plaas. Maar dan gaan dit oor 'n eiesoortige intellektualisme waarin

die idee van 'n objektiewe waarheid en objektiwiteit in die wetenskap aangehang word.
Is hierdie 'n skoen wat ons pas? Beslis nie, want hoewel die gereformeerde belydenisskrifte nie oor die verhouding tussen geloof en wetenskap praat nie, het Gereformeerdes nog altyd sterk standpunt ingeneem teen die idee van objektiwiteit in die wetenskap, veral in soverre dit neutrale wetenskap suggereer.
*Tog is die gedagte van 'n objektiewe* ***waarheid*** *inherent aan die gereformeerde belydenis. Hoewel elke artikel van die NGB begin met 'Ons glo ... ', wil dit nie sê dat dit 'n subjektiewe waarheid verwoord nie. Inteendeel, wanneer dit in die heel eerste artikel bely 'dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem', sê dit per implikasie dat God buite die mens om as objektiewe werklikheid bestaan. Ook die middele waaruit ons God ken, is buite die mens geleë, bely artikel 2, naamlik die skepping en die goddelike Woord. Die bron van waarheid is dus buite die mens geleë.* Ons waarneming daarvan is subjektief, ja, maar God gee dit buite onsself om - objektief - aan ons.

3. Dit bring ons by Vorster se hoofpunt van kritiek teen die fundamentalisme uit, naamlik die filosofiese grondslag. Vorster gee toe dat fundamentaliste nooit direk na hulle filosofiese grondslag verwys nie. Tog wys hy die 'Scottish Common Sense Realism' van die 18e eeu uit as die eintlike filosofiese grondslag van die fundamentalisme, hoewel hy van mening is dat fundamentaliste nie daarvan bewus is dat hulle denke op hierdie filosofie berus nie (1993:64).
Die 'Scottish Common Sense Realism' stel die werklikheid primêr - en nie die idee soos die filosofie van Idealisme dit wil hê nie. Volgens die *Common Sense Realism* bestaan die werklikheid onafhanklik van die idees van mense. Dit is dus 'n objektiewe werklikheid en nie, soos die Idealisme beweer, 'n projeksie van menslike idees nie.
Ek dink dat die gereformeerde teologie in hierdie opsig grootliks met hierdie werklikheidsbeskouing kon akkoord gaan, nie om filosofiese redes nie, maar soos reeds aangetoon is, op grond van die gereformeerde belydenis. Nie die 'Scottish Common Sense Realism' nie maar die reformatore van die 16e eeu, by name Calvyn, het ons dan ook in hierdie waarheidbeskouing voorgegaan. 'n Mens sou talle plekke in Calvyn se Institusie in hierdie verband kon uitwys. Ek haal as voorbeeld aan wat hy na aanleiding van Johannes 14:9 in sy Institusie Boek 4 Hfst 8 par. 5 skryf:
*'Hoe sou hulle (d.i. die gelowiges) die geheimenisse van God óf met hulle verstand kon begryp het, óf kon uitspreek as Hy ... hulle dit nie geleer het nie. Die heiliges het God derhalwe slegs leer ken wanneer hulle Hom in die Seun soos in 'n spieël waargeneem het.'* En van die Ou-Testamentiese gelowiges skryf hy verderaan: *'Hulle kinders en kleinkinders het inderdaad geweet dat dit wat hulle gehoor het uit die hemel en nie uit die aarde nie afkomstig was ...'*
Uit die staanspoor het die gereformeerde teologie dus die Skrif so verstaan dat dit God se getuienis van Homself is - nie 'n projeksie van ons eie menslike idees nie, maar 'n openbaring wat van buite onsself (d.i. objektief), van God af, kom.
Vorster verbind die fundamentalisme egter ook met die 'Scottish Common Sense Realism' se waarnemingsleer (1993:26vv.). Hiervolgens het die mens in homself die verstandelike vermoë of natuurlike oordele ('common sense') om die werklikheid objektief waar te neem en te evalueer. Indien die fundamentalisme wel hierdie aspek van die 'Common Sense Realism' sou onderskryf, kan dit nie van die gereformeerde teologie gesê word nie. Die gereformeerde godsdiens bely juis die verdorwe natuur van die mens (HK, Sondag 3) waardeur hy in sy oordele swak en stompsinnig geword het (vgl. NGB art. 33). Weer eens kan na Calvyn verwys word (vgl. bespreking na aanleiding van Matteus 8:19,20 in Institusie Boek 4 Hfst 8 par. 8):
*'En omdat hulle (die dissipels) die dinge wat hulle uit die mond van die Meester gehoor en geleer het, vanweë hulle stompsinnigheid nie kon begryp nie, word die Gees van waarheid aan hulle beloof sodat hulle daardeur tot ware kennis van alle dinge gelei kan word.'*
Anders as die filosofie van die 'Common Sense Realism' aanvaar die gereformeerde teologie nie dat die mens in staat is om objektief waar te neem of te oordeel nie. Deur die Heilige Gees word die mens se subjektiewe oordeel egter vernuwe en deur die Gees en die Woord na die objektiewe geopenbaarde waarheid van God gelei (HK, Sondag 3; DL 3/4:16).

4. Die vierde kenmerk van die fundamentalisme wat Vorster uitwys is wat hy noem 'n absolutistiese religieuse houding (1993:31). Veral het hy dit hier oor die eis om getrouheid aan die belydenis en die gevolglike leertug. Omdat die fundamentalisme 'n absolute waarheid voorstaan, is almal wat buite daardie waarheid staan, uitgesluit van die saligheid. *Leertug as sodanig kan egter nie as 'n tipies fundamentalistiese neiging gesien word nie, aangesien die gereformeerde belydenis leertug uitdruklik as bevel van Christus bely. Dink maar aan Sondag 31 van die Kategismus waarin bely word dat 'dié wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig' en ná vermaning daarin bly volhard, 'uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit' word.*
Vorster se beswaar teen fundamentaliste is egter dat hulle hulle eie leer tot die absolute ware leer verhef en daarom met leertug bloot diegene wat nie met hulle saamstem nie, uitsluit. In dié sin noem hy die fundamentalisme eksklusivisties en imperialisties. Almal moet soos húlle glo, of hulle is uit. Hierdie beswaar van Vorster kan teruggevoer word na sy filosofiese grondverskil met die fundamentalisme, veral ten opsigte van waarheidbeskouing.
Nogtans, ten spyte van die sterk standpunt oor leersuiwerheid, is daar in die gereformeerde tradisie nooit so ver gegaan om te sê dat diegene wat buite die gereformeerde leer staan, daarom verlore gaan nie. Calvyn se genaakbaarheid in hierdie opsig is bekend, naamlik dat hy nie bereid was om te sê dat almal wat nog in die Roomse kerk is, verlore gaan nie. Die rede hiervoor is eenvoudig dat die kerk, al moet hy dwaalleer uitwys en afwys, nie oor die mens se hart kan oordeel nie (*de intimis ecclesia non iudicat).*

5. Vervolgens, sê Vorster, word die fundamentalisme gekenmerk deur 'n feitlik militante houding teen diegene wat van hom verskil. Die gelowige christen is in 'n stryd om die waarheid gewikkel en moet bereid wees om die waarheid tot die dood toe te verdedig. Dit is volgens Vorster 'n tipies fundamentalistiese houding (1993:45).
Militant is die Gereformeerdes nie in hulle godsdiens nie, maar andersins is dit wat Vorster as tipies fundamentalisties uitwys, in werklikheid kenmerkend van die gereformeerde belewing van die godsdiens. *Artikel 18 van ons Kerkorde bepaal byvoorbeeld dat die dienspligte van professore onder meer behels om 'die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig'. En artikel 30 NGB bepaal dat die kerkraad 'moet sorg dra dat die ware godsdiens onderhou en die ware leer oral versprei' word.* Om die suiwere leer te wil verdedig en die ware godsdiens oral te wil versprei, is dus nie die taal

van 'n militante fundamentalisme nie maar van die gereformeerde belydenis.

6. Vorster beskryf die Skrifbeskouing van die fundamentalisme soos volg (1993:50vv.):
   - Die Bybel is die (verbaal) geïnspireerde Woord van God;
   - daarom is dit foutloos;
   - die Bybel is 'n "stoorkamer" van feite oor alles en nog wat.

   Hierteenoor handhaaf Gereformeerdes die beskouing van 'n 'organies' (in plaas van verbaal) geïnspireerde Bybel; die onfeilbaarheid (in plaas van foutloosheid) van die Bybel en die skopus van die Skrifgesag (wat beteken dat God sy Woord nie as inligtingbron oor allerlei wetenswaardighede gegee het nie). Ons wys dus die fundamentalistiese Skrifbeskouing grootliks af.

   So maklik is dit egter nie om ons van die fundamentalisme te distansieer nie. Want Vorster sê met nadruk dat fundamentaliste weier om hulleself as aanhangers van 'n verbale *inspirasieteorie* te sien (1993:60). Maar al weier hulle om dit te erken, sê hy, hang hulle in werklikheid tog 'n verbale inspirasieteorie aan (1993:60). Wanneer Vorster dan die fundamentaliste se argumente en bewysvoering ter ondersteuning van hulle inspirasieleer weergee, is dit feitlik woordeliks die argumente wat vir die gereformeerde organiese inspirasieleer gebruik word. Dit is asof Vorster sê: Die gereformeerde inspirasieleer is in sy wese fundamentalisties.

   Die fundamentalisme se siening van die *foutloosheid* van die Bybel, soos Vorster dit beskrywe, klop egter nie met die gereformeerde beskouing nie. Waar Gereformeerdes daarby staan dat die Bybel absoluut onfeilbaar is en terselfdertyd tog oneffenhede, byvoorbeeld oor historiese en geografiese gegewens, bevat, wil fundamentaliste niks weet van sulke oneffenhede nie. Vir hulle is die Bybel se onfeilbaarheid afhanklik van sy foutloosheid. Dit blyk dus dat die fundamentalistiese Skrifbeskouing in hierdie opsig nie met die gereformeerde siening ooreenstem nie.

7. In die laaste plek het Vorster dit oor die Skrifgebruik van die fundamentalisme. Die grammaties-historiese Skrifgebruik, sê hy, is tipies fundamentalisties (1993:67). Want dit veronderstel 'n verbaal geïnspireerde Bybel, waarvan die betekenis *in* die teks geleë is en nie daaragter nie. Dit veronderstel dat 'n mens die betekenis van die teks kan vasstel en op vandag kan toepas. Dit veronderstel verder dat die Bybel duidelik (deursigtig en verstaanbaar) is vir almal wat dit lees, juis omdat dit letterlik verstaan word, behalwe waar dit self aanduiding gee dat dit figuurlik of simbolies verstaan wil word.

   Hierdie wyse van Skrifhantering is egter nie deur die fundamentalisme ontwerp nie maar word reeds net so by Calvyn aangetref en gaan trouens nog verder terug, tot by die grammaties-historiese benadering van die Antiocheense skool in die 5e eeu. Om grammaties-historiese Skrifgebruik as fundamentalisties af te maak, is m.i. dus 'n anachronisme. Verder sê Vorster (1993:64) dat die praktyk van Skrif-met-Skrif-vergelyking direk in verband staan met die fundamentalisme se siening van die Bybel as betroubaar en foutloos. Hy beskryf die fundamentalistiese standpunt soos volg: 'Die taak van die eksegeet is om hierdie feite (vanoor die hele Bybel) met mekaar in verband te bring en daarom kan ook die Fundamentaliste hul aanslag onder die ou gereformeerde banier loods as 'n beweging wat die reformasie wil voortsit, en vergelyk hulle ook Skrif met Skrif' (1993:64).

## 'n Anti-fundamentalisme

Uit bostaande karakterisering is dit duidelik dat baie van dit wat in die moderne teologie as denkbeelde van die fundamentalisme afgewys word, in werklikheid eg gereformeerde standpunte is wat duidelik in die gereformeerde belydenisskrifte teruggevind kan word. Dit sluit in die gereformeerde siening van

- God se voorsienigheid en sy beheer oor die geskiedenis;
- die erkenning van 'n objektiewe werklikheid wat buite die mens bestaan;
- die beskouing van die Bybel as betroubare, gesagvolle, geïnspireerde Woord van God;
- die taak van die kerk om die suiwere leer te verdedig en te verkondig en om alle dwaalleer te bestry;
- die verstaanbaarheid en deursigtigheid van die Bybel, en
- die grammaties-historiese as juiste manier van Skrifverklaring.

Tog kan bepaalde kenmerke van die fundamentalisme wat Vorster uitwys hoegenaamd nie met die gereformeerde teologie gerym word nie, byvoorbeeld

- die feit dat die fundamentalisme in sy wese 'n 'anti'-karakter het (al kom die gereformeerde teologie saam met die fundamentalisme teen die modernisme te staan);
- 'n byna fatalistiese geskiedenisbeskouing, waarby die Millennialisme met sy dispensasieleer inpas;
- 'n vertroue op die vermoë van die mens om rasioneel tot objektiewe kennis van die werklikheid te kom (en daarmee saam aanhanklikheid aan die *Scottish Common Sense Realism);*
- vyandigheid jeens die wetenskap (wat in sommige fundamentalistiese kringe voorkom);
- die idee dat christene wat van óns siening van die suiwer leer afwyk, nie ware christene is nie en verlore gaan;
- die handhawing van die foutloosheid van die Bybel tot op die punt waar ontken word dat dit enige geografiese of historiese oneffenhede kan bevat (alternatiewelik: wat die gesag van die Bybel afhanklik stel daaraan dat sy historiese en geografiese verwysings altyd en oral absoluut korrek is).

Dit is egter duidelik dat, ten spyte van die verskille, Vorster (en ander wat soos hy redeneer), die gereformeerde teologie grootliks onder dieselfde sambreel as die fundamentalisme tuisbring. Die boodskap is duidelik: Van Gereformeerdes word verwag om met alle denkbeelde wat hoegenaamd met die fundamentalisme in verband gebring kan word, te breek en ander denkbeelde te aanvaar.

Vir my klink hierdie eis na niks anders nie as 'n anti-fundamentalisme. Wat gebeur het, is dat die gereformeerde teologie hom in die spervuur bevind tussen twee groeperinge wat lynreg in stryd met mekaar staan. Aan die een kant die anti-modernisme en aan die ander kant die anti-fundamentalisme. Vir beide is die opposisie totaal onaanvaarbaar.

- Die fundamentalisme roep ons (byna militant) weg uit die geledere van die modernisme; die modernisme roep ons (ewe militant) weg uit die geledere van die fundamentalisme.
- As jy nie by ons staan nie, sê die fundamentaliste, is jy buite die kring van die ware gelowiges. As jy nie by óns staan nie, sê die moderniste, is jy buite die kring van die ware wetenskaplikes.
- Omgekeerd, sê die anti-modernis: Jy kan nie 'n gelowige wees as jy 'n modernis is nie; en die anti-fundamentalis sê: As jy 'n fundamentalis is, is jy onwetenskaplik.

Natuurlik is beide hierdie 'anti'-argumente drogargumente. Nóg kan slegs fundamentaliste op die ware geloof aanspraak maak, nóg kan die modernisme alleen op wetenskaplikheid aanspraak maak. Desnieteenstaande kan wetenskaplikes maklik deur die moderniste se anti-fundamentalistiese argument verlei word om die denkbeelde van die modernisme aan te hang. Watter denkbeelde? Soos by die fundamentalisme is die modernisme nie 'n homogene groepering nie en daarom is dit moeilik om hulle denkbeelde presies te omlyn. Iets van die modernistiese denkbeelde skemer egter tussen die reëls deur in Vorster se bespreking van die fundamentalisme. Tipies anti-fundamentalisties handhaaf die modernisme:

- 'n evolusionistiese geskiedenisbeskouing (die fundamentalisme verwerp die evolusionisme, sê Vorster, omdat hulle 'n 'onderontwikkelde historiese bewussyn' het, 1993:19);
- die filosofiese grondslag van die Idealisme en aanverwante filosofieë wat die bestaan van objektiewe werklikhede en waarhede buite die mens om ontken;
- 'n absolutistiese teologiese houding wat toleransie vir alle beskouings bepleit, maar nie bereid is om behoudende standpunte 'regs' van hulle te tolereer nie;
- 'n feitlik militante houding teenoor diegene wat 'n behoudende teologie voorstaan;
- 'n Skrifbeskouing wat die Bybel as 'n blote historiese boek met menslike nadenke oor God beskou;
- 'n Skrifgebruik waarin God en sy Woord 'n al kleiner rol speel en die leser, sy omstandighede en sy verwysingsraamwerk uiteindelik deurslaggewend is.

Die alternatief wat deur die anti-fundamentaliste gebied word, is uiteindelik veel erger as die fundamentalisme self. Die medisyne is erger as die kwaal. As dit vir Gereformeerdes moeilik is om hulle met die denkbeelde van die fundamentalisme te vereenselwig, is dit vir hulle heeltemal onmoontlik om die denkbeelde van die anti-fundamentaliste te omhels. Daarmee word gesê dat Gereformeerdes in werklikheid nie by een van die groeperinge tuishoort nie. Ons het in die spervuur tussen hierdie twee strydende groepe te staan gekom - onvermydelik, want ons bevind ons op dieselfde slagveld. Albei faksies roep ons om na hulle toe oor te stap. Maar nie by een is ons tuis nie.

Weliswaar lyk dit uit die geledere van albei faksies of ons by hulle opponente tuishoort. Daarom word ons vanuit fundamentalistiese geledere beskuldig van modernisme en vanuit modernistiese geledere van fundamentalisme. En so word fundamentalisme en modernisme bloot etikette waarmee mense wat nie met jou saamstem nie, swartgesmeer word. Vir die fundamentalis is almal wat 'links' van hom staan per definisie modernisties en liberaal; vir die modernis is alles 'regs' van hom fundamentalisties. Hoe verder links op die spektrum jy dan staan, hoe meer fundamentaliste is daar na jou oordeel. En omgekeerd. Daarom gebeur dit dat Christina Landman nou *Die Kerkbode* as fundamentalisties bestempel.

## Ten slotte

Wat is ons antwoord op die situasie? In kort is die taak van Gereformeerdes om bloot Skrifgetrou gereformeerd te bly en nie 'n 'anti'-mentaliteit aan te kweek nie - hetsy anti-fundamentalisties of anti-modernisties. Ons roeping, soos ons die Skrif verstaan, is om die Skrifwaarhede te handhaaf, te verdedig en uit te dra - na alle kante toe. Dit moet ons dan doen, met die gebed in ons harte dat die Here ons die krag en vrymoedigheid sal gee om hierdie roeping na te kom, en nie ontsenu te word deur enige etikette wat die wêreld ons wil omhang nie.

### LITERATUURLYS


Calvyn, J. 1539. *Institusie van die Christelike godsdiens*, vertaal deur HW Simpson, 1992. Potchefstroom: CJBF.

Kruger, MA. 1993. 'n Weg uit die oorheersing van die histories-kritiese metode, fundamentalisme en genitiefteologieë. *In die Skriflig* 27(4):583-602.

Marsden, GM. 1980. *Fundamentalism and American culture*. Oxford University Press: Oxford.

Vorster, JN. 1988. The use of Scripture in fundamentalism. In: Mouton, J, Van Aarde, AG, Vorster, WS (reds). *Paradigms and progress*. Pretoria: HSRC, p. 155-175.

Vorster, JN. 1993. *Die Fundamentalisme*. Bybelkunde Studiebrief 102/1993. Pretoria: Unisa.


---

MEDIESE ETIEK

# IS GOD IN BEHEER? - DIE TWEEDE GEBOD IN MEDIESE PRAKTYK


**Dr JM Boon**, Pretoria



**Die Here het sy wet aan ons gegee om op elke lewensterrein te gehoorsaam. As onderkonings en beelddraers van God is dit ons taak in die koninkryk van die hemele. In die tweede gebod gaan dit juis daaroor om nie 'n verkeerde beeld van God te skep of na te volg nie. Beelddraers word geroep om God se beeld soos dit in die Bybel vir ons gegee word, te erken. Daarom word ook van ons gevra om die betekenis van die tweede gebod in mediese praktyk te ondersoek. Hierdie artikel wil hierin 'n klein bydrae maak.**


Die eerste gebod verbied ons om 'n ander God te dien. Die tweede gebod verbied beeldediens en vra dat ons die Here nie eiewillig sal dien nie, maar soos Hy in sy Woord beveel het. So het Israel byvoorbeeld in die woestyn die goue kalwerdiens begin, waarmee hulle die Here op hul eie manier wou dien en nie soos Hy beveel het nie (Eksodus 32). Die Israeliete wou nie ander gode dien nie, maar wou die Here dien deur Hom te manipuleer soos hulle dit goed gevind het.

Beeldediens hoef egter nie noodwendig fisiese beelde van goud of koper te wees nie, maar kan ook gedagte-beelde oor God wees.

Maar wat het die tweede gebod nou enigsins met die mediese

praktyk te doen? In die geneeskunde is ons mos nie besig met godsdiens nie, laat staan nog om afbeeldings van God te maak. Dit is juis hier waar ons ons gou kan misgis. Want soos ons reeds aangedui het, is dit dikwels gedagte-beelde oor God wat ons soms bewus en soms onbewus kan volg. Gedagte-beelde wat nie strook met die beeld wat God se Woord self oor Homself voorhou nie.

## 'n Verkeerde beeld van God

Ook in die geneeskunde kan ons verkeerde beelde van God hê. So word daar vandag byvoorbeeld gesê dat God nie in beheer is nie. God word voorgestel as 'n God wat van ver af toekyk en nie eintlik in die natuurprosesse en dus ook in siekte enige rol speel nie. God is in feite magteloos om teen die gang van 'moeder natuur' in te gaan.

Hierdie gedagte is nie 'n nuwe gedagte oor God nie. Nee, dit vind reeds sy oorsprong in die Deïsme. Die Deïsme sê dat God byna nie met sy skepping bemoeienis maak nie. Hy sou die skepping, dus ook die menslike liggaam, aan die begin soos 'n wekker opgewen het, wat nou sonder enige inmenging vanself afloop. Die een gebeurtenis volg die ander op in die reëlmaat van oorsaak en gevolg. God word wel as Skepper van die wêreld en ook van die menslike liggaam erken, maar dit wat God gemaak het, dus ook die menslike liggaam, is iets wat selfstandig bestaan en onderworpe is aan onveranderlike natuurprosesse.

Hierdie gedagte is soos genoem nie nuut nie. Ons sien dit reeds in 'n debat tussen die bekende Voltaire uit Frankryk en Pascal in Engeland. Vir Pascal is God die lewende God van Abraham, Isak en Jakob wat die mens ken in sy nietigheid en verganklikheid, ook in sy siekte. Voltaire, 'n aanhanger van die Deïsme, dink egter dat God ver weg is en in verhewe rus bo sy skepping troon. Hy kyk uit die hoogte neer om te sien hoe al die natuurlike prosesse verloop. Maar Hy kan ongelukkig niks verder daaraan doen nie.

Hierdie beeld van God is springlewend in die mediese wetenskap vandag. Veral medici wat nog 'n christelike agtergrond het, erken wel die bestaan van God en soms ook nog as Skepper van die hele wêreld, maar bely hom nie as die almagtige God wat ook vandag nog in die lewe en siekte van mense ingryp nie. Ons sou kon sê dat God gesekulariseer word.

## 'n Voorbeeld uit die praktyk

Kom ons neem 'n voorbeeld. 'n Pasiënt ly aan ovariumkanker. Die omvang van die kanker word bepaal met 'n aantal ondersoeke en die regte chemoterapeutiese middels word toegedien. Die dokter moniteer die pasiënt noukeurig en doen alles wat moontlik is. Na 'n tyd van skok en neerslagtigheid kom die pasiënt tot aanvaarding van haar siekte. Sy vertel aan haar dokter dat sy deur haar siekte baie na aan God gekom het, dat sy voortdurend bid dat die Here na sy wil die werking van die middels en die hande van die dokter wil seën. Sy ervaar die nabyheid van die Here wat haar deur die siekte heen dra. Sy het verder ook geen illusies oor die erns van haar siekte nie en aanvaar ook die feit dat sy na alle waarskynlikheid nie meer lank sal lewe nie. Die Here is egter naby haar en vertroos haar deur hierdie beproewing heen.

Die dokter, alhoewel hy dit nie teenoor die pasiënt wys nie, ervaar die pasiënt se reaksie tog - om eerlik te wees - oordrewe. Alhoewel hy groot geword het in 'n christelike huis, glo hy nie dat haar gebed of lewe met die Here enige verskil aan haar siekte sal maak nie. Hy weet immers volgens die jongste wetenskaplike feite dat pasiënte met hierdie soort kanker selfs met chemoterapie maar 'n ses maande oorlewing het. Ook in hierdie pasiënt se geval sal dit onwaarskynlik anders wees. Ja, God bestaan wel, maar teen die natuur se gang is Hy ook maar magteloos. Die feit dat die Here ook op hul siek- of sterfbed naby sy kinders is, is vir baie artse vandag maar 'n primitiewe gedagte en niks meer as 'n strooihalm nie. God kan daar immers niks meer aan verander nie.

Selfs as dit God se wil is dat iemand sterf, word die rus en blydskap wat iemand as gevolg van die sigbare, tasbare en hoorbare nabyheid van die Here ervaar, as iets minderwaardigs beskou.

Indien dit die houding van óf die gesondheidspersoneel óf die pasiënt is, word 'n beeld van God geskep asof Hy nie in beheer sou wees nie. 'n God wat hoog verhewe bo sy skepping sit, maar geen beheer meer daaroor uitoefen nie.

Maar daarmee word God as 'n onmagtige God bely, en die moontlikheid selfs by voorbaat uitgesluit dat God enigsins 'n siekteproses in iemand se lewe kan omkeer. Neem byvoorbeeld die siekte van Hiskia wat dodelik was, maar wat God omgekeer het sodat hy vir nog vyftien jaar sy taak as koning mog volstaan. Geen siekte kom sonder die wil van die Here oor ons nie, en Hy is terselfdertyd nooit afwesig by een van sy kinders se siekbed nie, ja ook al word dit 'n sterfbed.

## Die invloed van moderne teoloë

Hierdie deïstiese gedagte wen verder veld in die geneeskunde, en veral onder dokters en verpleegsters wat hulself christene noem, na mate ook steeds meer teoloë openlik hierdie afwesige beeld van God propageer. Ons moet maar nugter wees, sê hulle: God is nie in beheer nie, of Hy is nie meer in beheer nie. Die natuur gaan sy eie gang. God kan daar niks aan verander nie. Ons het dit agtergekom deur die 'feite' van die wetenskap. Vroeër het mense gedink dat die Woord vlees kon word, dat iemand soos Christus die gang van die geskiedenis kon verander deur as Koning uit die dood op te staan. Maar intussen het ons volwasse nugtere mense geword wat beter weet.

So word God as afwesig en onmagtig bely. 'n Godsbeeld skeef aan die Woord van die Here en aan die werklikheid van elke dag.

## 'Ek glo in God die Vader, die Almagtige ...'

Gelukkig mag ons weet dat Christus regeer aan die regterhand van sy en ons Vader, en dat Hy deur sy Gees en Woord baie naby sy kinders is: 'Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde' (Matteus 28:18). Christus werk elke dag aktief terwille van sy volk, ook sy siek volgelinge: 'My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook' (Johannes 5:17).

Die tweede gebod roep ons op om ook in die mediese praktyk van elke dag God te dien en te erken soos Hy Homself in die Skrif geopenbaar het as die almagtige Vader en as *ons* Here wat tot in die fynste detail in beheer is. Ook oor siekte en gesondheid.

Uit die verlede

# GRAF OF OOND?

Prof. JD du Toit (Totius)

**Die kerkhof is vir die gelowiges 'n saailand. Die Here gee hierdie troosvolle betekenis aan die begrawe van ons geliefdes in 1 Korintiërs 15, die hoofstuk oor die opstanding van die liggaam. Begrawe is die bêre van die saadkorrel in die aarde. God gee 'n nuwe liggaam daaraan (verse 36-38). Die werkwoord 'saai' kom verder in verse 42-44 nie minder nie as vier maal voor. Het lykverbranding wat al hoe meer in ons land plaasvind, dieselfde betekenis as begrawe, 'saai'? Totius het omtrent driekwart eeu gelede onder die opskrif 'graf of askruik' hieroor geskryf in *Die Kerkblad* (21 Desember 1926). Hier volg sy artikel.**

By die dag blyk dit duideliker dat die heidendom besig is om die christendom te verdring.

Dit is nog nie 'n stryd van wapen teen wapen, soos dié waar die Openbaring van voorspel nie (19:14; 16:12). Nee, dit is nou nog die stryd van *gedagte* teen *gedagte*, van wêreldbeskouing teen wêreldbeskouing.

Langsamerhand word die christelike gedagte teruggedring, en die heidense word daarvoor in die plek geskuiwe.

## Verheidensing van die samelewing

Dit het ons opgeval hoe selfs 'n literator, die Vlaming Gustaaf Segers, as hy skrywe oor 'volksletterkunde', nie kan help om dit raak te sien nie. Hy spreek van 'die vrees dat wellig 'n nog vreesliker oorlog oor die wêreld mag losbars; die volke wat tot hulle innigste roersele geskok is, die onsedelikheid, die sug na geld, na singenot, na oordrewe prag en opskik angswekkend ontwikkeld, net soos die haat tussen die volke, ja, tussen die verskillende stande; die toename van die misdade, die byna algemene verregaande ontevredenheid, die nypende lewensduurte, die afkeer van handearbeid, van die huislike lewe - in een woord, *die heroplewing van die heidense wêreld*'.

Hierdie heroplewing van die heidendom word nie net openbaar in die leefwyse van die duisende nie maar ook in die *simbole* of *tekens* wat die moderne mens kies om sy binneste gedagte uit te druk.

Vir sover die moderne mens nog godsdienstig wil wees, soek hy na tekens om aan sy aanbidding uiting en gestalte te gee; maar dié tekens mag nie wees die christelike simbole van doop en nagmaal nie. Vir die vorm kan hulle nog wel bly, maar daar is iets anders nodig om wesentlik te vertolk wat teenswoordig die mens inwendig besig hou.

## Die vuur-simbool

Opmerklik dat *vuur* so 'n belangrike rol speel in die simboliek. Daar word beweer dat die nuwe godsdienstige lewe 'n eie simbool moet hê, ooreenkomstig die opvattings van die tans lewende mensheid. Daarom is die christelike erediens nie meer toereikend nie; ewe min die christelike simbole van doop en nagmaal. Wat nou voorgestel word, is samekomste in die oop veld; en daar, as dit aand word, moet dan die heilige kampvuur aangesteek word, waaromheen die 'godsdienstige mense' dan gaan sit en peins, terwyl van die flikkerende vuur 'n kragtige werking op hulle siel uitgaan!

Intussen is dit glad geen nuwe ingewing nie maar 'n gebruik wat by die heidene in swang was. Hulle tog het sulke 'kampvure' gemaak en daar 'n godsdienstige betekenis aan geheg.

Maar die heidense gedagte wat in die binneste woel, pers en dring totdat dit uiting vind in 'n bepaalde simbool.

Dit is ook die geval as die vraagpunt ter sprake kom: *begrafnis of lykverbranding?*

## 'n Heidense gees

Nie so lank gelede nie het dr Ryk Kramer, 'n gelowige dokter, onder die opskrif 'Graf of urne' (askruik) in die *Stemmen des tijds* daarop gewys dat lykverbranding nie maar 'n onskuldige afwykinkie is nie maar die uiting van 'n heidense gees; sodat in hierdie opsig die *urn* of askruik 'n simbool en teken is van die heidense wêreldbeskouing, terwyl die *graf* al die eeue deur 'n openbaring was van die christelike gedagte.

Hierdie artikel van dr Ryk Kramer lyk my só belangrik, dat ek nie kan nalaat om 'n paar stukkies daaruit aan te haal nie ... Dr Kramer skrywe onder meer: 'Ook voor 1867 is nou en dan 'n lyk verbrand, maar dit het nie navolging gevind nie. So in 1822, toe Shelley deur lord Byron op die strand van Spezia verbrand is. Maar toe die Darwinisme (die ewolusieteorie) in 1867 sy intrede gedoen en die materialisme 'n wetenskaplike vorm gekry het en die geeste verander het, *ja toe wel*, want vir hulle het die christelike simbole geen waarde gehad nie.' En, so skrywe dr Kramer verder, *'in die plek van die graf het die louterende vlam gekom'*.

Duidelik stel dr Kramer christendom en heidendom teenoor mekaar in hulle diepste gedagte en bedoeling. Hy sê:

'Ons glo aan die opstanding van die dode, en ons dra die lyk uit en bring dit na die graf. *Soos die boer sy graan, so bring ons die lyk in die skoot van die aarde ...*

Wat gesien word, is die kis waarin die lyk is, maar dit is nie die waarheid nie; die waarheid is *die lewe*, is *die opstanding*, en daardie bring in die skoot van die aarde is *die veraanskoulikte idee van daardie lewe, van die opstanding*'.

Is dit nie mooi en diepsinnig gesê nie? Daarnaas laat dr Kramer dan die heidense simbool sien:

'Wat is die simboliek van die lykverbranding? Laat ons lees wat dr Rademaker skryf na die bywoning van 'n lykverbranding: "So het ons gestaan en staar in die vuurgloed, wat aan moeder aarde so vinnig en rein teruggegee het wat eenkeer aan haar ontneem is. Die allesoorheersende indruk van die kremasie (lykverbranding) is *die suiwere, alles reinigende vuur*".'

Hierdie simbool van vuur sal nie nalaat om op sy beurt invloed op die geeste uit te oefen nie.

## Opstanding-geloof teenoor materialisme

Dr Kramer sê verder: 'Die inhoud van die begrawing en *die idee van die opstanding sal wegval, en die verterende vuur sal nie nalaat om op die gees van die massa in te werk nie'*. Dus, waar die christen kies vir die *graf* as teken dat 'n kosbare tarwegraan in die aarde gesaai word, daar jubel die moderne mens oor sy *vuur* wat alles verteer! Die leuse van die heidendom is mos: 'Laat ons eet en drink, want môre sterwe ons - dan is dit uit en gedaan!'

Tereg merk dr Kramer verder op: 'Die verbranding sal aan die opstanding self niks afdoen nie. Om dit te glo is net so dwaas as dat party mense juis wens dat hulle lyk verbrand moet word. - Graf en urn is *magtige simbole*, uitinge wat opkom uit die diepste van die siel. Die kremasie is uiting van 'n *materialistiese wêreldbeskouing*, wat slegs die kringloop van die stof glo en sien en sy simbool eers in die uitstrooiing van die as ten volle ontplooi, of ook van 'n heidense lewensopvatting, wat in die uitstrooiing van die as die altyd voortlewende gees simboliseer' (Rademaker).

'Maar magtiger geloofsimboliek is die begrawing as uiting van die geloof aan die persoonlike opstanding van die dode.'

Ons hoop maar dat die lykverbranding nie onder ons christenvolk ingang sal vind nie. Om dit te voorkom is vroegtydige waarskuwing noodsaaklik.

---

**Kommentaar van lesers**

# ISEBEL-PROFESIE EN LANDMAN-UITSPRAKE

**RB Horak van Dunottar skryf:**

Professor Landman se sogenaamd skriftuurlike goedkeuring van voorhuwelikse seksuele verhoudinge het 'n groot reaksie in die pers en ander media ontlok. Dit het ook in die kerk wyd uiteenlopende reaksies tot gevolg gehad.

Sommige mense was verheug en dankbaar, want nou is sonde nie meer sonde nie. Ander was verward. Dit wat gister nog sonde was, is nou skielik nie meer sonde nie. Ander weer is bitter ontsteld, want die waarheid en die gesag van God se heilige Woord word verdraai en geminag, net om aan die mens se vereistes en behoeftes te voldoen op so 'n wyse dat die sondige mens nou eintlik nie meer 'n sondaar is nie. Reformasie swig voor kompromieë en toegewings.

Dit alles is eintlik niks nuuts nie. So bykans 2000 jaar gelede het daar in die dorp Tiatira iets soortgelyks gebeur. Tiatira was nie 'n groot dorp nie, en die kerk daar was so ongeveer veertig jaar oud. Die dwaling wat in hierdie kerk ontstaan het, word vir ons as volg in Openbaring 2:20 verwoord, 'dat jy die vrou Isebel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet'.

Hier het ons 'n vrou, 'n profetes, en sy leer die gelowiges aldaar dat onsedelikheid en seksuele losbandigheid geen sonde is nie. Sy het ook persoonlik aan hierdie verleiding deelgeneem. Volgens Openbaring 2 was daar geen reaksie of enige teenkanting uit die kerklike geledere nie, en sy het voortgegaan om die gelowiges in daardie gemeente te verlei.

Maar ..., daar is wel 'n brief oor hierdie dwaling in dié kerk geskryf. Jesus Christus het persoonlik aan hierdie gemeente, deur sy apostel Johannes op die eiland Patmos, die brief geskryf. Christus self som die wese van die dwaling op: Verleiding van sy diensknegte om te hoereer en afgodsoffers te eet.

Uit die geskiedenis van Tiatira se kerk kan ons aflei dat die gemeente aan die vermaning van die Koning van die kerk geen gehoor gegee het nie, want voordat hulle die honderdste bestaansjaar kon vier, was daar nie meer 'n kerk nie.

Die Skrif getuig dat daar sedert die vroegste jare baie valse profete en valse leraars in die kerk was. Hierdie mense het verval en dwaling van God se volk veroorsaak. Dit word oor en oor in die Ou en Nuwe Testament verhaal. Paulus se grootste stryd was juis teen die valse profete en valse leermeesters in die kerk.

Die titel van professor, teoloog, predikant of profetes is geen waarborg vir die verkondiging van die evangelie in alle waarheid en suiwerheid nie. Selfs Petrus, voorganger onder die apostels, het ongeveer vyftien jaar na die opstanding van Jesus Christus, weereens in die strik getrap wat satan vir hom gestel het. Galasiërs 2 beskryf sy dwaling wat baie ernstig was en amper tot 'n skeuring in die kerk in Antiochië gelei het. Wat het tot hierdie dwaling aanleiding gegee? Selfverheerliking, trots, eie waan, die strewe na populariteit en mensebehaery.

Paulus, die 'ontydig geborene en geringste onder die apostels' het die groot Petrus toe 'openlik teëgestaan' (vers 11). 'Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê ...' (Vers 14). Skriftuurlik is jy reg of verkeerd. Omdat Petrus sy dwaling erken het, is die eenheid in die kerk aldaar weer herstel, en die dwaling verwerp. Ongelukkig gebeur dit selde. Mense volhard in hulle verkeerde weë en veroorsaak sodoende skeuring op skeuring in die kerk van Christus.

Christus het al hierdie dwalinge in sy kerk vooruit gesien en in die evangelie van Matteus al die mense wat hulle hieraan skuldig maak, ernstig gewaarsku en vermaan. 'Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?' (vers 22). Tot die mense waarna Jesus hier verwys, behoort ook en veral voorgangers, daardie dwalende professore, teoloë, predikante en profetesse. Hulle hoor die verpletterende, verdoemende oordeel uit Christus se mond, as Hy self daardie dag vir hulle sal sê: 'Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!" (vers 23).

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

# DIE STEM VAN POTCHEFSTROOM

Na aanleiding van verskeie teologiese debatte wat die laaste maande in die publieke pers oor talle belangrike onderwerpe gevoer is, het die professore aan die Teologiese Skool te Potchefstroom die volgende verklaring (effens verkort) in *Beeld* van 31 Oktober laat publiseer. Dieselfde verklaring (in sy volledige vorm) is ook elektronies wyd versprei.

Die verklaring begin met die redes waarom 'n getuienis nodig is.

Ons roeping en verantwoordelikheid dwing ons om te getuig, om Christelike perspektief te probeer gee en om 'n boodskap van hoop uit te dra.

*Dit is veral op Hervormingsdag 2000 nodig om te getuig*

- *omdat die gesag en betroubaarheid van die Bybel in gedrang is,*
- *omdat die uniekheid van die verlossingswerk van Jesus Christus in diskussie is,*
- *omdat die liggaamlike opstanding van Jesus Christus bevraagteken word,*
- *omdat ons Christelike geloof op die spel is,*
- *omdat ons samelewing deur skokkende morele vergrype geteister word, en*
- *omdat sommige gelowiges begin om moedeloos en verward te word.*

Hierdie redes is duidelik in lyn met Artikel 18 van die Kerkorde, wat onder andere bepaal dat die professore aan die Teologiese Skool geroep is om 'die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig'. Gesien die omvang en erns van dwalinge wat verkondig word – waaraan die laaste maande in *Waarheid en Dwaling* ook gereeld aandag geskenk is – is die verklaring van die professore uiters noodsaaklik en tydig.

In die vervolg van die verklaring gee die professore 'n duidelike uiteensetting van die skriftuurlike leer rondom verskillende sake.

*Ons meen dat dit noodsaaklik is om nou in die openbaar te getuig*

- *oor enkele kernleerstukke van ons Christelike geloof, en*
- *oor aktuele morele sake.*

## Die Heilige Skrif

- *Ons getuig dat die Heilige Skrif die gesaghebbende Woord van God is en dat daarin die wil van God en die leer van verlossing voldoende vervat is. God het sy Woord deur die Heilige Gees op betroubare wyse in mensetaal aan ons gegee. Daarom aanvaar ons die Skrif as bron en norm vir die kerk, die teologie en die Christelike lewe.*
- *Ons verwerp die gedagte dat die Skrif 'n onbetroubare geloofsdokument is, of bloot 'n boek is wat menslike gedagtes en ervarings oor God bevat.*
- *Ons verwerp die misbruik van die Bybel om gesag aan menslike vooroordele en standpunte te verleen.*
- *Ons ag dit belangrik om onder leiding van die Heilige Gees die Skrif reg te verstaan, suiwer te verklaar, geldig toe te pas en getrou en gehoorsaam uit te lewe.*

## Die uniekheid van Jesus Christus

- *Ons getuig dat volgens die Skrif Jesus Christus die enigste Verlosser is, die enigste weg na die Vader, die enigste Middelaar tussen God en die mense, en dat daar geen ander naam gegee is waardeur God wil hê dat ons verlos moet word nie.*
- *Ons verwerp die gedagte dat daar baie paaie na die ware God is, en ook dat elkeen volgens sy eie geloof verlos sal word.*
- *Ons bid dat die sendingopdrag aan die kerk om die evangelie aan die ganse mensdom te verkondig steeds met ywer uitgevoer sal word.*
- *Ons spreek geen oordeel uit oor diegene wat nooit die evangelie van Jesus Christus gehoor het nie, en laat hulle bestemming oor in die hande van die Here wat oor almal regverdig oordeel.*

## Opstanding van Jesus Christus

- *Ons getuig dat volgens die Skrif Jesus Christus die gekruisigde en opgestane Here en Verlosser is; dat dieselfde Jesus wat gekruisig is, waarlik uit die dood opgestaan het; en dat Hy vanweë ons oortredinge oorgelewer en ter wille van ons vryspraak opgewek is.*
- *Ons getuig dat die kruisiging, sterwe en opstanding van Jesus Christus werklik plaasgevind het en tot die wese van die evangelie behoort. Sonder die opstanding van Jesus Christus verloor die Christelike geloof, die evangelie, die kerk en die koninkryk van God alle sin en betekenis.*
- *Ons verwerp die openlike of verskuilde herinterpretasie van die liggaamlike opstanding van Jesus Christus waarvolgens die werklike gebeure as skyngebeure of as verbeelding verstaan word. Die opstanding van Christus is nie die produk of resultaat van die geloof van die vroeë kerk nie, maar omgekeerd: die kerk is die gevolg van die verkondiging van die evangelie van die dood en die opstanding van Christus.*

## Ontsag vir God

- *Ons glo dat ontsag, eerbied en gehoorsaamheid aan God en sy Woord die morele peil en lewensstyl van 'n samelewing bevorder.*
- *Ons is oortuig dat respek vir lewe, vir ons medemens, vir die besittings en kultuur van ons naaste, en vir ons omgewing vooraf gegaan moet word deur ontsag en liefde vir God.*
- *Ons treur oor elke vorm van Godslastering.*
- *Ons bid dat die Naam van God geheilig sal word.*

## Respek vir lewe

- *Ons getuig dat die mens na die beeld van God geskape is, dat die lewe van alle mense kosbaar is in die oë van God, en dat daar 'n radikale kentering in ons samelewing nodig is sodat daar respek vir die lewe van mense kan kom.*
- *Ons getuig dat voorgeboortelike lewe ook lewe is wat God skenk.*
- *Ons verwerp aborsie op aanvraag.*
- *Ons treur oor al die haat, geweld, moorde, verkragting en elke vorm van verwerping van God se wet wat enige vorm van doodmaak verbied, en is diep besorg en uiters bekommerd*

*oor die afmetings wat dit aangeneem het*

- *Ons verwag dat die owerheid nog meer sal doen om die lewe van mense te beskerm en die kwaad te straf.*
- *Ons bid dat mense mekaar sal liefhê.*
- *Ons vra dat besondere aandag aan die omstandighede van arm mense gegee word en dat na hulle behoeftes omgesien word sodat hulle menswaardig kan lewe.*
- *Ons versoek die regering en die hele samelewing om die Vigsepidemie en veral vigsleiers met groot empatie, verantwoordelikheid en insig te hanteer.*

## Respek vir ons medemens

- *Ons getuig teen alle dade waardeur mense mekaar veronreg, benadeel of laat blyk dat daar geen respek vir die naaste is nie, byvoorbeeld:*
- *Magsmisbruik in plaas van diens;*
- *Korrupsie in plaas van eerlikheid;*
- *Omkopery en bedrog in plaas van integriteit;*
- *Diefstal, dobbelary, hebsug en materialisme in plaas van eerlike werk en mededeelsaamheid.*
- *Ons vra en wil meewerk aan 'n grootse poging om werkloosheid en armoede te bekamp en die geweldskultuur te bestry.*

## Respek vir die huwelik

- *Ons getuig dat die huwelik 'n instelling van God is, en as sodanig gerespekteer moet word, en dat seksualiteit daarbinne sy regmatige plek ontvang.*
- *Ons keur voorhuwelikse en buitehuwelikse seksuele gemeenskap af, aangesien dit strydig is met die wil van God.*
- *Ons is oortuig dat die vigsepidemie die beste bekamp en voorkom kan word deur 'n hoë morele lewenstyl waarby seksualiteit binne die huwelik uitgeleef word.*

## Respek vir die omgewing

- *Ons bepleit respek en waardering vir die skepping van God, en vir die wonderlike land waarin ons mag woon en werk.*
- *Ons getuig dat alle vorme van omgewingsbesoedeling en onnodige natuurskending in stryd is met die bedoeling van God met sy wêreld.*

Die verklaring sluit af met die vraag waarheen die getuienis mense wil lei.

## Christelike hoop

- *Ons getuig dat Christene die toekoms, ten spyte van die werklikhede van 'n gebroke wêreld, met opregte hoop en groot verwagting tegemoet moet gaan, sonder vrees, sonder pessimisme, en sonder ontvlugting.*
- *Ons bid dat God ons in staat sal stel om ons roeping en verantwoordelikheid te kan vervul.*

## Betrokkenheid

- *Ons glo dat die kinders van God geroep is om die sout vir die aarde, die lig vir die wêreld, en die suurdeeg in die samelewing te wees.*
- *Ons is bewus van die groot taak ten opsigte van die opbou van Suid-Afrika waarvoor ons almal te staan gekom het.*
- *Ons wil saam bou aan 'n ordelike, vreedsame en regverdige samelewing met 'n hoë morele waardesisteem.*

## Gesindheid

- *Ons lewer hierdie getuienis met die besef van die beperktheid van ons menslike insig en met die erkenning van ons tekortkominge en nalatighede deurdat ons nie gehoorsaam was en is aan die eise van God se wet nie. Ons lewer hierdie getuienis uit liefde en sorgsaamheid vir en teenoor die kerk van die Here en die samelewing.*
- *Ons vertrou dat hierdie getuienis medegelowiges sal aanmoedig en bemoedig en dat dit sal bydra om die koms van die koninkryk van God te bevorder.*
- *Ons bid en glo dat die Gees van God ons gelei het tot selfondersoek asook om in liefde te getuig, en om in die gesindheid van Jesus Christus te vermaan en tot opregte hoop aan te moedig en te troos.*

Die stem van Potchefstroom klink helder en duidelik op. Dwaling word nie net weerlê nie, maar die gesonde leer word positief uitgedra.

Om hierdie getuienis in dade om te sit, verg egter harde werk. Elke gelowige individueel, en elke gemeente in sy geheel word hiermee tot ernstige selfondersoek gedwing. Sowel binne as buite die kerk het die gelowige 'n verreikende roeping. Die omvang daarvan is in breë lyne in die verklaring uitgestippel. Die tyd is ryp om vanaf 'n passiewe gesug en gekla oor alles wat verkeerd is, tot aktiewe, positiewe optrede in God se kerk en koninkryk oor te gaan. As gemeentes in die kerkverband is ons daartoe verplig om mekaar tot kragtige optrede ooreenkomstig ons belydenis aan te spoor. Mag die Gees van God ons bekwaam en gewillig maak om te doen wat Hom behaag.

# Van die Administrasie

As gevolg van die waardevermindering van die Rand is ons genoodsaak om die intekengeld vanaf 1 Januarie 2001 na R80.00 te verhoog.

Ons versoek die lesers om die intekengeld so spoedig moontlik te vereffen.

Posadres: Waarheid en Dwaling • Posbus 31712 • Totiusdal 0134

# GEBED VAN CALVYN[1]

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie oor *Jeremia 1:17-19* en dan veral vers *18a*:

**'Want kyk, Ek maak jou vandag 'n versterkte stad en 'n ysterpilaar en kopermure teen die hele land.'**

O almagtige God, U wat u kneg Jeremia toegerus het met die onoorwinlike krag van u Gees, gee dat sy voorbeeld ons vandag verootmoedig en dat ons leer om ons met vreugde aan U te onderwerp. Laat ons werklik aanneem wat U deur u kneg tot ons spreek. Tel ons bo onsself uit deur u hand. Verleen ons u genade, dat ons in volle vertroue op u mag en bystand die stryd teen die wêreld en Satan aanknoop. Laat elkeen in sy roeping vas word, ja, so vas in vertroue op u krag, dat ons sonder om te aarsel ons lewe ter beskikking stel so dikwels as dit nodig is. Laat ons onverskrokke stry en tot die einde toe volhard in hierdie diens, totdat ons daarmee klaar is en ons ten slotte die rus verkry, wat vir ons weggelê is in die hemel, deur Jesus Christus onse Here.

Amen

[1] Vertaal in Afrikaans deur dr AH van den Bout vanuit die Nederlandse teks van die hand van ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.


## FOLMER BOEKHANDEL

Posbus 11607, Queenswood 0121 • 19e laan 283, Villieria 0186
Tel 012 – 329 0031 • Faks 012 – 329 5927 • E-pos: iti03960@mweb.co.za

**SOLA SCRIPTURA,** Dr C van der Waal, **IN AFRIKAANS**
Deel 3 het nou verskyn! (Jesaja – Maleági)
*Sola Scriptura* is 'n gids vir Bybelstudie wat veral die groot *heilshistoriese lyne* en die *eenheid van die Bybel* beklemtoon. Dit is nie 'n teks-vir-teksverklaring nie, maar 'n hulp om die Woord van die HERE beter te kan verstaan.
*Sola Scriptura* is uitstekend geskik vir persoonlike studie, maar kan ook goed op Bybelstudieverenigings gebruik word, veral omdat aan die einde van elke hoofstuk vrae opgeneem is, wat groepsbespreking vergemaklik.
Die prys is R39 + R3 poskoste

Die derde deel in die Ligbaken-reeks bevat twaalf preke van ds Hennie Momberg oor **JONA EN HAGGAI**
Agt preke oor die boek Jona en vier preke oor die boek Haggai.
In hierdie tyd van Skrifkritiek en aanvegting van die geskiedkundige korrektheid van die Woord van die Here kan hierdie bundel preke gebruik word om, soos die skrywer in sy voorwoord sê: "by onse alleenwyse God tereg te kom, wat vandag nog net so werklik is en dieselfde is as met Jona en Haggai, want alles is oop en bloot voor Hom met wie ons te doen het en aan wie ons almal rekenskap moet gee. Die preke is vanuit die bekende *historiese* profesie van Jona asook uit Haggai, die *Reformator*. Die profesieë is immers heilshistorie en tegelyk praktiese oproepinstruksies van die HERE en nie kunstig verdigte fabels nie. Dit is juis die teken van Jona ('n verrassing vir die Skrifkritici!) dat hy nie 'n fabel is nie, maar gedokumenteerde openbaring van God se werklike heilswerk in lewens van werklike mense. Daarom het die Here Jesus dit as 'n verkondiging van die werklikheid van sy eie heilswerk op Homself betrek."

Die eerste twee dele in hierdie reeks is:
***Heilig vir die Here*** – ds Gerard Meijer – preke oor die bediening van die amp van gelowiges
***Waar daar lig is, is daar vrug*** – ds Petrus Venter – preke oor Rut, Daniël en Maleági.
Aldrie predikante is leraars in die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika
Prys per deel is R22,90 + R3 poskoste

**DIE KERKORDE IN PRAKTYK,** Dr Jan Visser

Hierdie boek wil presies wees wat die titel aandui. Daarom het dr Visser nie spesiaal ingegaan op die Skriftuurlike fundering en die historiese agtergrond van elke artikel nie. Ook het hy nie kerkregtelike, dogmatiese, eksegeties-hermeneutiese en tekskritiese probleme behandel nie. Maar al hierdie sake is natuurlik wel in rekening gebring! Dr Visser het probeer om die veld van die praktiese kerkregering so volledig moontlik te dek.
**Prys R 110 + R3 poskoste**

**JOU ENIGSTE TROOS,** Prof P J de Bruyn

Prof De Bruyn bied hier 'n indringende maar terselfdertyd baie praktiese en verstaanbare verklaring van die Skrif soos saamgevat in die Kategismus, toegepas op hedendaagse vrae en probleme. Dit is besonder geskik vir persoonlike verryking, vir die gebruik in Bybelstudiegroepe en vir onderrig aan katkesante.

Prys R 72 + R3 poskoste

**LEER DIE BYBEL BETER KEN,** Mary Batchelor

'n Begeleide toer deur elke Bybelboek – met kort opsommings, hoogtepunte, kleurryke kaarte, tydskale, foto's!

R59,95 + poskoste

**PSALMBOEKE** (Psalms en skrifberymings) WEER BESKIKBAAR!

Standaard uitvoering R45. Luukse uitvoering R150. R2 poskoste per Psalmboek

**KERSTZANG MET FEIKE ASMA,** pragtige CD!
Massale koor- en samesang – 2000 sangers!
(Katalogus van cd's op aanvraag)